Die sagte landing van die ekonomie tot in die eerste paar maande van 1990 het tot stand gekom in weerwil van die progressiewe vernouing van die monetêre beleid vanaf laat in 1987 en van die *de facto* nogal heel beperkende ingesteldheid van die fiskale beleid in die fiskale jaar 1989/90. Dit wil voorkom asof dit aan 'n verskeidenheid faktore toegeskryf kon word, waaronder:

- Die skerp styging in die reële landbouproduksie van 1988 tot 1989. 'n Ekonometriese simulasie dui daarop dat hierdie toename in die landbouproduksie regstreeks en onregstreeks 0,8 persentasiepunte tot die reële groei koers van die algehele ekonomie van effens meer as 2 persent in 1989 kon bygedra het. Daar moet uiteraard in aanmerking geneem word dat aanplantings en oeste in 1990 waarskynlik na meer normale vlakke sal terugkeer.
- Die betreklik hoë opnemingsvermoë van die markte vir Suid-Afrikaanse uitvoerprodukte en die krag van die Suid-Afrikaanse goedere-uitvoerprestasie in 1989.
- Die feit dat die gemiddelde ouderdom van die voorraad vastekapitaal goedere van sakeondernemings en van die voorraad duurzame verbruiksgoedere van huishoudings in 1989 hoër was (en die waarde daarvan dus meer aanmerklik gedeprimeer het) as in 1984/85, wat beteken het dat nuwe aanskaffings met die oog op vervanging minder maklik uitgestel kon word.
- Die meer positiewe sakeklimaat en die hoër vlak van verbruikersvertroue in 1989 en die begin van 1990 as in 1984, 1985 of 1986.
- Verskeie ander faktore, soos die styging in die reële loon per werker buite die landbou en die verhoogde aandeel van die arbeidsvergoeding in die totaal van alle faktorvergoedings, wat waarskynlik steun verleen het aan die besteding deur huishoudings en aan die gemiddelde verbruiksgeneigdheid van die ekonomie in sy geheel.
- Die mening onder die algemene publiek dat die onlangse beleidsmaatreëls van die owerhede voortgespruit het uit 'n behoefte om die lewenskragtigheid van die ekonomie te temper eerder as uit 'n behoefte om 'n akute krisis toestand die hoof te bied, wat op sigself 'n bron van onsekerheid en kommer kon geword het.

Betreklik betekenisvolle verlansamings is aange-

teken in die toenamekoerse in die *eisê van die monetêre instellings teen die private sektor* en in die M3-geldvoorraad vanaf die hoogtepunte waarop hierdie koerse in die derde kwartaal van 1988 te staan gekom het. Geeneen van die meer onlangse groei-koerse in die meer omvattende monetêre en krediet-totale van kwartaal tot kwartaal (ná omrekening tot jaarkoerse) en oor periodes van twaalf maande het tot dusver egter tot onder die peil van 20 persent gedaal nie.

Die korttermynrentekoerse was in Februarie 1990 egter aanmerklik hoër as by die boonste konjunktuur-draaipunt van die ekonomie teen die einde van 1988. Die betreklik hoë en stygende rentekoerse in die derde en die vierde kwartaal van 1989 het tot gevolg gehad dat herintermediëringsverskynsels, die "egte likwiditeitsvoorkeur" van beleggers en die vergelykende aantreklikheid van bankdeposito's gehandhaaf of versterk is. Dit het verhinder dat die stygingskoerse in bankkrediet en in die M3-geldvoorraad 'n meer opmerkbare konjunkturale daling getoon het.

Die groeiakoerse van M3 oor twaalf maande het in Februarie 1990 'n voorlopig geraamde 22,0 persent beloop. Hierdie koers van monetêre uitbreiding sowel as die tempo van die styging in bankkrediet as die belangrikste onderliggende "oorsaak" daarvan, moet in die tans bestaande konjunktuurtoestand en binne die raamwerk van die owerhede se huidige anti-inflasionele beleidsingesteldheid as onbevredigend beskou word.

Stram toestande het in die vierde kwartaal van 1989 en die eerste 2½ maande van 1990 nog in die *geldmark* voorgekom. Die *kapitaalmarkte* was gedurende hierdie periode getuie van 'n verdere sterk opwelling in die handelsbedrywigheid, groot aan- en verkope deur nie-inwoners op die Johannesburgse Effektebeurs, beduidende verdere stygings in die aandelepryse (ná die "mini-ineenstorting" van hierdie pryse in die tweede helfte van Oktober 1989), die notering van die aandeleuitgifte van Yskor op 8 November, 'n aanmerklike daling in die langtermynrente- en -opbrengskoerse, en 'n klein verdere styging in die transaksies in vaste eiendom.

Op die terrein van die *staatsfinansies* was die uiteindelijke resultaat van die fiskale beleid in die fiskale jaar 1989/90 heelwat meer beperkend as wat in die Begroting soos dit in Maart 1989 aangebied is, in die vooruitsig gestel is. Die verwagte styging in die besteding van die Sentrale Regering in 1989/90 in vergelyking met 1988/89, wat op 15,2 persent gestel is, het baie nou gehou by die begrote toename in die Skatkisuitreikings aan staatsdepartemente van 15,0 persent. In teenstelling daarmee het die ontvangste van die Sentrale Regering met 'n geraamde 27,3 persent gestyg, teenoor die begrote toename van 16,0 persent. Die tekort voor lenings in verhouding tot die bruto binnelandse produk sou dienoooreenkomstig slegs 1,5 persent beloop, teenoor die oorspronklike Begrotingsraming wat vir 'n te-

kort van 4,1 persent van die binnelandse produk voorsiening gemaak het.

Die Begroting van die Sentrale Regering vir 1990/91, wat op 14 Maart 1990 deur die Minister van Finansies aan die Parlement voorgelê is, het voorsiening gemaak vir toenames in die nominale staatsbesteding en staatsinkomste van onderskeidelik slegs 11,9 en 5,8 persent; die tekort voor lenings in 1990/91 sou na raming 'n bedrag beloop van net effens minder as R8,0 miljard of 2,8 persent van die verwagte nominale bruto binnelandse produk gedurende die fiskale jaar. Hierbenewens is daar egter voorsiening gemaak vir die stigting van 'n fonds vir maatskaplik-ekonomiese opheffingsaksies. Die bedrag van R2 000 miljoen wat uit die oorskot-finansiering van die Skatkis in 1989/90 aan hierdie fonds beskikbaar gestel sou word, is vervolgens deur die Staatspresident tot R3 000 miljoen verhoog – waarby die bykomende R1 000 miljoen uit die verwagte opbrengste van privatiseringsaksies befonds sou word.

Die klem van die Begroting vir 1990/91, wat waarskynlik in ligte mate stimulerend sal blyk te wees, is geplaas op 'n drietal breë maatskaplik-ekonomiese doelstellings, naamlik: (1) om 'n bydrae te maak tot die herstrukturering van die Suid-Afrikaanse ekonomie, met verhoogde nadruk op die "aanbod"- of produksiekant van die ekonomiese bedrywigheid en op die produktiewe strewe van die private sektor as die hoofbron van inkom- en werkgeleentheidskeppende groei; (2) om hoër voorrang as voorheen toe te ken aan die verligting van probleme van armoede en aan die regstelling van "agterstande" met betrekking tot onderwys, behuising en gesondheidsdienste; en (3) om 'n bydrae te maak tot die stabilisering van die ekonomie op kort termyn deur die toepassing van maatreëls van 'n kontrastiese fiskale beleid. Vir die doel van sodanige stabilisering sou daar egter groter klem geplaas word op die Regering se staatskulde- en leentransaksies eerder as op sy belasting- en bestedingsbedrywigheide.

Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

Binnelandse produksie

Die groeikoers van die reële bruto binnelandse produk van die Suid-Afrikaanse ekonomie het afgedun van 'n seisoensaangesuiwerde jaarvlak van 2 persent in die eerste kwartaal van 1989 tot ongeveer 1½ persent in die tweede kwartaal en 1 persent in die derde kwartaal. Die huidige ramings dui aan dat die totale reële produksie vervolgens in die vierde kwartaal teen 'n jaarkoers van ongeveer 1½ persent *ingekrimp* het. Dit was die eerste kwartaalike daling in die reële bruto binnelandse produk sedert die eerste kwartaal van 1986.

Die totale reële produksie het in die vierde kwartaal van 1989 afgeneem ondanks die feit dat, met uitsondering van die landbou en die handel, al die hoofsektore van die ekonomie (asook die totaal van alle produksie buite die landbou) in hierdie kwartaal weer positiewe reële groei getoon het. Hierdie toedrag van sake het dus 'n opmerklike teenstelling gevorm met die gebeure gedurende die derde kwartaal van 1989, toe 'n *afname* in die totale reële produksie buite die landbou ondervind is: die voortgesette positiewe reële groei van die ekonomie in sy geheel gedurende die derde kwartaal van 1989 was in wese slegs die gevolg

van die versagte nawerking wat die groot mielie-oes van 1988/89 nog op die totale produksie gehad het.

Die aansienlike afname in die reële toegevoegde waarde van die *landbou* in die vierde kwartaal van 1989 kon aan betreklik minder gunstige weerstoestande toegeskryf word. As gevolg hiervan sal die grootte van die koringoes van 1989 waarskynlik sowat 40 persent minder wees as in 1988. Boonop het die reële toegevoegde waarde van die landbou in die vierde kwartaal van 1989 teruggesak nadat die grootste deel (byna 80 persent) van die bykans ongeëwenaarde mielie-oes van 1988/89 in die vorige drie maande ingesamel is.


Feitlik geen verandering is in die vierde kwartaal van 1989 in die reële toegevoegde waarde van die *handelssektor* aangeteken nie. Dit was die netto resultaat van, enersyds, 'n geringe toename in die reële produksie van die motorhandel en, andersyds, geringe inkrimpings van die reële toegevoegde waarde in die groot- en kleinhandel. Die reële toegevoegde waarde van die motorhandel het in die vierde kwartaal herstel namate die verskillende probleme waarmee die motornywerheid en motorhandelaars in die derde kwartaal te kampe gehad het (waaronder werkstopsettings, wegbly-aksies en stakings, onderbrekings van die aanvoer, voorrade en lae voorrade) in die daaropvolgende paar maande grotendeels uit die weg geruim is.

Die effense inkrimping van die reële produksie in die groot- en kleinhandel kon toegeskryf word aan die matige verlansaming van die binnelandse ekonomie in die algemeen, aan 'n verdere verswakking (hoewel teen 'n verminderde tempo) van die buitelandse-handelsbalans (dit wil sê van die oorskot van die reële goedere-uitvoer teenoor die reële goedere-invoer) en aan die feit dat die langdurige staking onder spoorwegwerkers by die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste in Desember 1989-Januarie 1990 moontlik die aflewering van goedere en grondstowwe in sekere dele van die land kon belemmer het.

Die aanmerklike verdere styging in die reële produksie van die *mynbousektor* in die vierde kwartaal was hoofsaaklik 'n weerspieëling van toenames in die fisiese goudproduksie, deels as gevolg van die verwerking van erts met 'n ietwat hoër goudgehalte. Hierbenewens het die volgehoue sterk (ofskoon vermindere) uitvoervraag die mynbouproduksie buite die goudmynbedryf op 'n betreklik hoë peil gehou.

Die reële produksie in die *fabriekswese* het in die vierde kwartaal van 1989 ietwat herstel nadat dit in drie opeenvolgende kwartale gedaal het; aanmerklike inkrimpings van die reële toegevoegde waarde in die vervaardigingsnywerhede – wat hoofsaaklik deur eksterne faktore veroorsaak is – het veral in die derde kwartaal van 1989 voorgekom. Aanmerklike produksieverhogings is aangeteken in subsektore soos die chemiese bedryf en die vervaardiging van masjinerie en vervoertoerusting. Ander bedryfstakke het meer marginale

Reële bruto binnelandse produk



afwykings getoon van die vlakke waarop die produksie in die derde kwartaal van 1989 te staan gekom het. Die algehele verbetering in die reële fabrieksproduksie in die vierde kwartaal was in 'n nie-onbelangrike mate gebaseer op die afwerk van onvoltooide bestellings.

In die konsolidasiejaar 1989 het die reële groei in die Suid-Afrikaanse ekonomie tot ongeveer 2 persent verlangsaam, vanaf die taamlik indrukwekkende groeitempo van 3½ persent wat in die opgangsjaar 1988 bereik is. Die verlangsaaming van die reële groei in 1989 het onder andere die invloed getoon van die progressiewe verskerping van die monetêre beleid wat vanaf die einde van 1987 of vroeg in 1988 deur die owerhede toegepas is en van die *de facto* nogal heel beperkende ingesteldheid van die fiskale beleid gedurende 1989. Die groeikoers van 2 persent in 1989 het egter nog steeds betreklik gunstig vergelyk met die gemiddelde jaarlikse reële groeikoers van die Suid-Afrikaanse ekonomie van slegs ongeveer 1½ persent oor die tydperk van 1980 tot 1989. Hierbenewens het die matige verlangsaaming van die positiewe reële groei vanaf 3½ persent in die gevorderde opgangsjaar 1988 tot 2 persent in die vroeë afgangsjaar 1989 ook baie gunstig vergelyk met die veel skerper en skieliker omskakelings vanaf 'n uitbreiding teen 4½ persent per jaar in die vier kwartale wat onmiddellik aan die boonste konjunkturaal draaipunt van Augustus 1981 voorafgegaan het, na 'n werklike *inkrimping*, teen 1½ persent per jaar, in die vier kwartale wat op daardie draaipunt gevolg het, en vanaf 'n uitbreiding teen 7½ persent per jaar in die vier kwartale onmiddellik voor die boonste draaipunt van die "mini-boom" van 1983-84 in Junie 1984 na 'n *inkrimping*, teen meer as 2½ persent per jaar, in die vier kwartale onmiddellik daarna. Die groeispoor wat die Suid-Afrikaanse reële bruto binnelandse produk in 1989 gevolg het, het dus eweneens bewys gelewer van die betreklike "sagtheid"


om die konjunktorele "landing" van die ekonomiese bedrywigheid wat ook uit die verloop van die saamgestelde konjunkturaanwysers en uit 'n verskeidenheid ander siklies-sensitiewe tydreekse tot dusver na vore gekom het.

'n Ontleding van die produksieprestasies per sektor gedurende die jaar 1989 toon dat, met uitsondering van die landbou, die positiewe groeikoerse van die reële toegevoegde waarde in die verskillende onderafdelings van die ekonomie in daardie jaar in alle hoofsektore van die ekonomie laer was as in 1988. Taamlik aanmerklike verskille kon egter opgemerk word in die mate waarin die reële groeikoerse in die verskillende sektore en sub-sektore verlangsaam het. Dit kon gedeeltelik toegeskryf word aan die sterkte van die Suid-Afrikaanse goedere-uitvoer wat dwarsdeur 1989 gehandhaaf is, in vergelyking met die verslapping van en daling in die totale reële bruto binnelandse monetêre vraag.


Die reële toegevoegde waarde van die *landbou* was in 1989 'n aansienlike 10 persent hoër as in 1988. Hierdie merkwaardige resultaat was gebaseer op toenames in die reële bruto inkome in sub-sektore soos die akkerbou (waarby mielies ingesluit is), die tuinbou en die produksie van lewende hawe, asook op 'n verlangsaaming van die tempo waarteen boere se reële aankope van intermediere goedere toegeneem het.

Die groeikoerse van die reële toegevoegde waarde in die *fabriekswese* en die *handel* het van 1988 tot 1989 beduidende verlangsamings getoon; meer gematigde verlangsamings van die reële produksiegroei is in die sektore *vervoer*, *finansies* en die *algemene owerheid* aangeteken. Die reële toegevoegde waarde in die *mynbousektor* het van 1988 tot 1989 wesenlik onveranderd gebly. Dit was die gevolg van die feit dat die toename in die reële produksie van die sub-sektor "ander mynbou" gedurende 1989 in sy geheel ten volle deur 'n afname in die produksie van die goudmynbedryf geneutraliseer is.

Saamgestelde samevallende konjunkturaanwyser



Reële bruto nasionale produk



Die reële bruto *nasionale* produk, wat in 1987 en 1988 teen vergelykenderwys baie stewige koerse van 3 persent en 5 persent toegeneem het, het in 1989 ingekrimp tot 'n gemiddelde vlak wat ongeveer 1/2 persent laer was as in die vorige jaar. Dit was 'n gevolg van die feit dat die Suid-Afrikaanse ruilvoet dwarsdeur 1989 verswak het, en ook van toenames in die reële netto faktorbetalings aan die nie-inwoner-eienaars van produksiemiddele wat in die Suid-Afrikaanse ekonomie werksaam is.

Die hoër vlak van die reële netto faktorvergoedings aan nie-inwoners in 1989 het hoofsaaklik voortgespruit uit hoër uitbetalings van dividende en rente. Die styging in die dividendbetalings was 'n weerspieëling van die gunstige finansiële resultate wat Suid-Afrikaanse maatskappye veral in die eerste helfte van 1989 behaal het; die groter netto betalings van rente het voortgevloei uit die deurgaans opwaartse neiging in die rentekoerse in Suid-Afrika sowel as in die vooraanstaande buitelandse ekonomieë, en ook uit buitelandse beleggers se vergrote besit aan vaste-rentedraende Suid-Afrikaanse effekte.


Die verswakking van die Suid-Afrikaanse ruilvoet in 1989 (wat 'n voortsetting beteken het van 'n afwaartse beweging van die ruilvoet wat reeds min of meer in die middel van 1988 begin het) was 'n weerspieëling van 'n skêrbeweging in die pryse van ingevoerde en uitgevoerde goedere. Die Suid-Afrikaanse invoerpryspeil is nadelig geraak deur 'n opwaartse neiging in die wêreldpryse van ru-olie (en in 'n meer gedempte mate van fossielbrandstowwe in die algemeen); daarteenoor is die Suid-Afrikaanse uitvoerpryspeil afwaarts beïnvloed deur verder toenemende slapte in die wêreldmarkte vir 'n aantal metale en minerale en verskeie ander primêre produkte anders as brandstowwe.

Die verlangsaaming van die groei in die reële bruto binnelandse produk in 1989 het meegebring dat die reële bruto binnelandse produk *per hoof van die bevolking*, wat in 1988 beduidend (naamlik met ongeveer 1 1/2 persent) gestyg het, in 1989 'n baie geringe afname getoon het. Die effense daling in die totale reële bruto *nasionale* produk in 1989 het beteken dat die nogal heel aansienlike stygings in die reële bruto *nasionale* produk per hoof van die bevolking in 1987 en 1988 (van bykans 1 persent in 1987 en meer as 2 1/2 persent in 1988) in die daaropvolgende jaar weer grotendeels maar nie ten volle nie, omgekeer is.

Binnelandse besteding

Die totale reële bruto binnelandse besteding het in die eerste kwartaal van 1989 sterk gestyg, naamlik teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 6 persent, maar in die tweede en die derde kwartaal teen jaarkoerse van 1 1/2 en 7 1/2 persent afgeneem. In die vierde kwartaal van 1989 het dit vervolgens voortgegaan om te daal teen 'n jaarkoers wat tans op ongeveer 7 persent gestel word.

Reële bruto binnelandse besteding



Die totale reële bruto binnelandse besteding was in die kalenderjaar 1989 volgens raming ongeveer 1 persent laer as in 1988. Hierdie ligte insinking het gevolg op 'n toename in die reële binnelandse besteding in 1988 van nie minder nie as 7 1/2 persent. Die verloop van die binnelandse besteding in 1989 het derhalwe, duideliker as die binnelandse produksie, die uitwerking getoon van die owerhede se matig beperkende monetêre en fiskale beleid.

Die afname in die totale reële bruto binnelandse besteding in die vierde kwartaal van 1989 is meegebring deur verdere besnoeiings van die reële owerheidsverbruiksbesteding, 'n daling in die reële bruto binnelandse vaste investering, en 'n betekenisvolle verdere vermindering van die reële voorrade. 'n Klein verdere styging is egter nog in die reële private verbruiksbesteding aangeteken.

Die groei in die *reële private verbruiksbesteding* het verlangsaam van 'n jaarkoers van 2 persent in die eerste kwartaal van 1989 tot 'n koers van ongeveer 1 1/2 persent in die tweede kwartaal en tot bykans stagnasie in die derde kwartaal. Die jaarkoers van toename in die reële private verbruiksbesteding in die vierde kwartaal word tans op ongeveer 1/2 persent geraam. Hierdie effense styging is ten volle verklaar deur toenames in die reële besteding deur huishoudings aan nie-duursame goedere en aan dienste. Huishoudings se reële besteding aan sowel duursame as semi-duursame goedere het afnames getoon.

Die daling in huishoudings se reële besteding aan duursame verbruiks goedere in die vierde kwartaal was hoofsaaklik 'n weerspieëling van aansienlike besnoeiings van die reële besteding aan persoonlike vervoer-toerusting; die afwaartse neiging in die verkope van nuwe motorvoertuie wat in die tweede kwartaal van 1988 begin het, het tot in die eerste paar maande van 1990 voortgeduur. Betreklik hoë bestedingsyfers is egter nog aangeteken met betrekking tot huishoudings se reële aankope van meubels, in die vierde

kwartaal van 1989 sowel as gedurende 1989 in sy geheel.

Die betreklike lewendigheid van huishoudings se meubelaankope het daartoe bygedra om die totale reële omvang van die private besteding in die kategorie "meubels en huishoudelike toestelle", sowel as die totale reële besteding aan duurzame verbruiksgoedere op peil te hou. Terselfdertyd het die afwesigheid van enige betekenisvolle afname in huishoudings se reële besteding aan meubels en huishoudelike toestelle vanaf 1988 tot 1989 'n opvallende teenstelling gevorm met die skerp daling wat in die eerste vier kwartale ná die mini-boom van 1983-84, dit wil sê vanaf die middel van 1984 tot die middel van 1985, in hierdie soort besteding aangeteken is.

Dit wil voorkom asof verskeie faktore tot die betreklike lewendigheid van die meubelverkope in 1989 bygedra het. Onder sodanige faktore tel byvoorbeeld die vergelykenderwys lewendige bedrywigheidspell in die laekoste-woningbou gedurende die jaar, die feit dat sekere soorte meubels van huurkoopbeperkings vrygestel is en die normale behoeftes aan vernuwing en vervanging. Hierbenewens het vergelykenderwys lae prysinflasie met betrekking tot meubels en huishoudelike toestelle egter die uitwerking gehad dat hierdie bestedingsposte binne die breë kategorie van duurzame verbruiksgoedere *betreklik* bekostigbaar gebly het en kon dit moontlik sekere kwasi-permanente verskuiwings in die bestedingspatrone van huishoudings uitgelok het. Gedurende die vier jaar van 1986 tot 1989 het die gemiddelde pryspeil van persoonlike vervoertoerusting (hoofsaaklik motorvoertuie) met onge-

veer 150 persent gestyg. In vergelyking hiermee het die prysvlak van meubels en huishoudelike toestelle gedurende hierdie tydperk heelwat minder dramatiese, naamlik met ongeveer 70 persent, toegeneem.


Die afname in huishoudings se reële besteding aan *semi-duursame* goedere in die vierde kwartaal van 1989 het daaruit voortgespruit dat toenames in die besteding aan klerasie en skoeisel meer as ten volle deur verminderings van die besteding aan uitgaweposte soos tekstielgoedere en motorbande, -onderdele en -toebehore geneutraliseer is – laasgenoemde in samehang met en in reaksie op die afwaartse neiging in die verkope van tweedehandse motors wat reeds sedert die eerste kwartaal van 1988 na vore gekom het. Die *toename* in die vierde kwartaal in die reële verbruiksbesteding deur die private sektor aan *niet-duursame goedere* en aan *dienste* het hoofsaaklik bestaan uit verhoogde besteding aan voedsel, drank en tabak maar het ook hoër uitgawes aan begrotingsposte soos huur, huishoudelike dienste, en spyseniering en huisvesting ingesluit.

Na raming was die totale reële private verbruiksbesteding in die *jaar* 1989 bykans 3 persent hoër as in 1988. Hierdie stewige koers van uitbreiding was nietemin aanmerklik laer as die sterk groeiakoers van bykans 5 persent in die reële private verbruiksbesteding die vorige jaar. Gedeeltelik vanweë die feit dat die groeiakoers van die reële persoonlike beskikbare inkomme in 1989 laer was as in 1988, kon 'n verslapping van die groeiakoers van die reële verbruikersvraag in 1989 te wagte gewees het; die afname in die groeiakoers van die beskikbare inkomme het op sy beurt weer in verband gestaan met onder andere die hoër en stygende vlak van die verbruikerskuld, die uitwerking van groter skuldlaste en hoër rentekoerse op huishoudings se rentebetelingsverpligtings, en die versnellende tempo waarteen insolvensies in die persoonlike sektor toegeneem het.


Verskeie faktore het nietemin in 1989 gehelp om sowel die reële persoonlike beskikbare inkomme as huishoudings se bestedingsgeneigdheid op 'n redelik hoër peil te hou. Ingesluit by sodanige faktore was die goeie ooste en die betreklike aansienlike bruto bedryfsurplusse in die landbousektor en die vermenigvuldiger-effek wat deur boere se verhoogde inkomste en uitgawes op ander dele van die ekonomie uitgeoefen is; versnelde verhogings van die nominale loon en 'n gemiddelde vlak van die reële loon per werker buite die landbou wat oor die grootste deel van 1989, hoër was as in die vorige jaar; die verstewiging van die dollarprys van goud vanaf die laaste paar weke van 1989 en die lewendige stand van sake op die aandelemark; en groter vertroue onder verbruikers met betrekking tot die huidige en verwagte maatskaplik-politieke ontwikkelings.

Die *reële owerheidsverbruiksbesteding* het in die eerste kwartaal van 1989 (die laaste kwartaal van die fiskale jaar 1988/89) teen 'n jaarkoers van meer as 40

Reële besteding aan duurzame verbruiksgoedere



Hoofkomponente van reële bruto binnelandse besteding



persent gestyg maar in die daaropvolgende drie kwartale teen jaarkoerse van $6\frac{1}{2}$, 8 en $5\frac{1}{2}$ persent teruggesak. In die vierde kwartaal van 1989 het aansienlike verminderings van die reële owerheidsbesteding aan intermediêre goedere en dienste verdere stygings in die reële vergoeding van werknemers meer as ten volle geneutraliseer.

In weerwil van hierdie meer onlangse besnoeiings, het die baie skerp toename in die owerheidsverbruiksbesteding in die eerste kwartaal van 1989 (wat op 'n doelbewuste terughouding van owerheidsbestedings in die daaraan voorafgaande drie kwartale gevolg het) nog steeds gelei tot 'n hoë gemiddelde vlak van hierdie soort bestedings gedurende 1989 in sy geheel. Die gemiddelde vlak van die reële owerheidsverbruiksbesteding gedurende die kalenderjaar 1989 was in werklikheid ongeveer $4\frac{1}{2}$ persent hoër as in 1988; die gemiddelde vlak van hierdie besteding in die eerste drie kwartale (April tot Desember) van die fiskale jaar 1989/90 was nie minder nie as $5\frac{1}{2}$ persent hoër as in die ooreenstemmende drie kwartale van die vorige fiskale jaar.

Van die kalenderjaar 1988 tot die kalenderjaar 1989 het die reële owerheidsverbruiksbesteding aan intermediêre goedere en dienste en aan vergoeding van werknemers met onderskeidelik $7\frac{1}{2}$ persent en 2 persent toegeneem. Aangesien dit onwaarskynlik is dat die owerheid se reële verbruiksbesteding vanaf die fiskale jaar 1988/89 na die fiskale jaar 1989/90 beduidend sal styg, kan verwag word dat die eerste kwartaal van 1990 in vergelyking met die eerste kwartaal

van 1989 'n aanmerklik negatiewe koers van verandering van jaar tot jaar in hierdie soort besteding sal toon.


Die opwaartse stukrag in die *totale reële besteding aan bruto binnelandse vaste investering* het in die loop van die eerste drie kwartale van 1989 verflu en in die vierde kwartaal heeltemal weggesterf. Die seisoens-aangesuiwerde jaarkoers van toename in die totale reële vaste investering het van ongeveer $5\frac{1}{2}$ persent in die eerste kwartaal van 1989 tot $4\frac{1}{2}$ en $\frac{1}{2}$ persent in die tweede en die derde kwartaal ingekrimp. Daarná het dit in die daaropvolgende drie maande na 'n jaarkoers van afname van meer as 3 persent omgeslaan. Die totale reële bruto binnelandse vaste investering was in 1988 'n indrukwekkende $8\frac{1}{2}$ persent hoër as in 1987, maar was in 1989 slegs 4 persent hoër as in 1988.

'n Ontleding op institusionele basis toon dat die afname in die totale reële bruto binnelandse vaste investering in die vierde kwartaal van 1989 bykans geheel en al toegeskryf kon word aan afnames in die reële vaste-kapitaalbesteding in die private sektor. Die reële vaste-kapitaalvorming deur private investeerders het van 1987 tot 1988 sterk gestyg (naamlik met $17\frac{1}{2}$ persent), maar van 1988 tot 1989 met slegs 2 persent toegeneem. In die loop van 1989 het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van verandering in die reële private vaste investering van $1\frac{1}{2}$ persent in die eerste helfte van die jaar tot $-2\frac{1}{2}$ persent in die derde kwartaal en tot 'n voorlopig geraamde $-3\frac{1}{2}$ persent in die daaropvolgende drie maande teruggesak.

'n Aanvanklike verdere verstewiging van die private reële vaste-kapitaalvorming in die vroeë stadiums van 'n afwaartse konjunkturbeweging is een van die meer reëlmatig voorkomende eienskappe van die konjunkturgolf in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Die inkrimping van die private reële vaste investering vanaf die derde kwartaal van 1989 (dit wil sê vanaf ongeveer ses tot nege maande ná die vermoedelijke boonste draaipunt van die algemene konjunkturgolf teen die einde van 1988) het in werklikheid daarop neergekom dat hierdie soort besteding, binne die raamwerk van die normale konjunktuurverloop in die Suid-Afrikaanse ekonomie, met 'n betreklik kort sloering op 'n verandering in die sakeklimaat gereageer het.

Die afname in die private reële vaste-kapitaalvorming in die vierde kwartaal van 1989 was hoofsaaklik die gevolg van verminderings van die investeringsbesteding in sektore soos die landbou, die mynbou en die handel. Dit het plaasgevind teen 'n agtergrond van minder gunstige oesverwagtings in die landbousektor, 'n verslapping van die groei in die winste van sakeondernemings (met name in die tweede helfte van 1989), betreklik hoë rentekoerse en 'n verswakkende neiging in die internasionale grondstofmarkte, asook in die reële binnelandse monetêre vraag. Gedurende 1989 in sy geheel was die laer koers van uitbreiding in die private reële vaste-kapitaalvorming hoofsaaklik 'n weerspieëling van verlangsamings van die groeikoerse

Reële bruto binnelandse vaste investering



van die besteding aan reële vaste investering in die landbou, die fabriekswese en die finansiële sektor en van 'n werklike afname in die reële vaste-kapitaalbesteding in die mynbou.

Die reële bruto vaste investering deur *openbare owerhede* het in die vierde kwartaal van 1989 bly daal, maar teen 'n jaarkoers van slegs ongeveer 2½ persent (teenoor 'n gemiddelde koers van afname van ongeveer 12 persent in die voorafgaande drie kwartale). Die afname in die reële vaste investering deur die openbare owerhede in die vierde kwartaal het voortgespruit uit vermindering van die reële vaste-kapitaalvorming deur die sakeondernemings van die algemene owerheid. Hierdie afnames het meer as ten volle opgeweeg teen die toenames wat wel nog voorgekom het in die reële vaste investering deur al drie vlakke van die algemene owerheid self.

In die kalenderjaar 1989 het die reële vaste-kapitaalbesteding deur die openbare owerhede teruggesak tot 'n gemiddelde peil wat ongeveer 7½ persent laer was as in 1988; die omvang van hierdie insinking in 1989 was meer as twee keer so groot as die afname in die voorafgaande jaar. Dit kon weer eens toegeskryf word aan aansienlike vermindering in reële vaste investering deur sakeondernemings van die algemene owerheid. As sodanig was dit 'n verdere weerspieëling van die rasionaliseringsprogramme wat deur die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese en die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste in werking gestel is. Die vlak van die reële vaste investering deur die *algemene owerheid* was in 1989 ongeveer 2 persent laer as in 1988.

Die reële vaste investering deur *openbare korporasies* het in die eerste drie kwartale van 1989 aansienlik gestyg maar in die daaropvolgende drie maande 'n meer sywaartse koers ingeslaan. In die kalenderjaar 1989 was die reële vaste-kapitaalvorming deur die openbare korporasies egter aansienlik hoër as in 1988, hoofsaaklik vanweë vordering met die ontwikkelingsbedrywighede te land en ter see van die Mossgas-projek. Die vlak van die reële vaste investering deur openbare korporasies was in 1989 nietemin nog steeds laer as die hoogtepunte wat reeds so lank gelede as 1975 daarin aangeteken is.

'n Ontleding van die totale reële bruto binnelandse vaste investering in 1989 volgens soorte kapitaalbesteding toon dat die toenames in die reële besteding aan wonings en nie-residensiële geboue, konstruksie en vervoer vanaf die vlakke wat hierdie bestedings in 1988 bereik het, tussen 5½ en 16 persent gewissel het. Die reële vaste investering in masjinerie en toerusting het in 1989 egter met 3½ persent gedaal tot 'n peil wat min of meer gelyk was aan dié van die sewentigerjare en ongeveer 22½ persent laer was as die gemiddelde vlak daarvan in die eerste helfte van die tagtigerjare. Dit het 'n weerklank gehad in die feit dat die reële goedere-invoer in die grootste deel van 1989 verlengsaam het en kon toegeskryf word aan die verslapping van die reële binnelandse monetêre vraag en aan 'n verbreding van die marges van onbenutte kapasiteit in die fabriekswese. Dit kon moontlik ook die invloed weerspieël het wat die bo-belasting van 15 persent op ingevoerde kapitaalgoedere op die investeringsbedrywigheid uitgeoefen het. 'n Ongewone kenmerk van die konsolidasiefase in 1989 was egter dat die boonste draaipunt in die reële vaste investering in masjinerie en toerusting skynbaar 'n daling in die kapasiteitsbenutting *voorafgegaan* het.

Die uitwerking van die verslapping van die finale vraag vanaf die tweede kwartaal van 1989 is in die tweede helfte van die jaar deur *voorraaddisinvestering* versterk. Die totale reële voorrade het in die eerste en die tweede kwartaal van 1989 bly styg (ofskoon teen 'n verminderende koers), maar het in die derde kwartaal van 1989 begin daal en in die vierde kwartaal vinniger teruggesak. Die vermindering van die totale reële voorrade in die vierde kwartaal van 1989 was in die eerste plek die gevolg van 'n verdere afbouing van handels- en nywerheidsvoorrade en in mindere mate ook van vermindering van landbouvoorrade en van diamantvoorrade-in-die-handel. Die verhouding van die handels- en nywerheidsvoorrade tot die bruto binnelandse produk buite die landbou het in die vierde kwartaal van 1989 'n geringe verdere afname getoon tot 20¾ persent, vanaf die peil van nagenoeg 21 persent wat in die voorafgaande drie maande daarin aangeteken is.

Die totale reële voorrade het in 1987 met R0,3 miljard en in 1988 met R2,1 miljard gestyg. Daarna het dit in die loop van 1989 per saldo effens verder toegeneem, naamlik met ongeveer R200 miljoen. Die af-

name in hierdie voorrade vanaf die derde kwartaal van 1989 het betreklik vroeg begin binne die raamwerk van die tyd- en tydsduurverwantskappe wat normaalweg tussen verskillende konjunktuurverskynsels bestaan. Dit was waarskynlik 'n weerspieëling van die betreklik hoë reële rentekoste wat in die huidige konsolidasiefase van die konjunkturgolf aan die aanhou van voorrade verbonde was, asook van die feit dat verbeterde tegnieke vir die beheer oor voorrade meer algemeen toegepas is.

Faktorinkome en besparing

Die koers van toename in die totale nominale faktorinkome teen markpryse het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarvlak van meer as 20 persent in elk van die eerste twee kwartale van 1989 tot 13½ persent in die derde kwartaal en 6 persent in die vierde kwartaal verlangsaam. Vanaf die kalenderjaar 1988 tot die kalenderjaar 1989 het die koers van toename in die totale nominale faktorinkome, deels onder invloed van die laer koers van toename in die totale ekonomiese bedrywigheid, op taamlik ondramatiese wyse van ongeveer 19½ persent tot effens meer as 18 persent afgeneem.

Onder die twee belangrikste komponente van die faktorinkome teen faktorkoste (naamlik die vergoeding van werknemers en die bruto bedryfsurplus) het die koers van toename in die nominale vergoeding van werknemers van 'n gemiddelde jaarvlak van 23 persent in die eerste helfte van 1989 tot 12½ persent in die tweede helfte teruggeval. Verlangsamings van die groeikoerse van die nominale loon- en verwante betalings kon in die meeste sektore van die ekonomie waargeneem word, met die mynbousektor en die algemene owerheid as opmerklieke uitsonderings. Die verlangsamings van die koers van toename in die totale nominale arbeidsvergoeding in die loop van 1989 kon onder meer toegeskryf word aan die betreklik hoë vlakke van die salarisaanpassings in die eerste helfte van die jaar, aan die rasionalisering van sekere sakeondernemings in die openbare sektor, en aan sekere meer tydelike inboetings van arbeidsverdiensles, soos dié wat in Desember 1989-Januarie 1990 aan die langdurige staking onder ongeveer 20 000 werknemers van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste verbonde was.


Nieteenstaande hierdie verskeie gebeurtenisse in die loop van 1989, het die koers van toename van jaar tot jaar in die totale nominale arbeidsvergoeding in werklikheid van 16½ persent in 1988 tot 18½ persent in 1989 versnel. Soos in die beginstadiums van 'n afwaartse konjunkturbeweging nie ongewoon is nie (wanneer aanvanklik nog versnellende nominale loonsverhogings neig om met 'n verslapping van die groei in die bruto bedryfsurplusse van sakeondernemings saam te val), het hierdie versnelling van die koers van toename in die totale nominale arbeidsvergoeding 'n vergroting van die arbeidsaandeel in die totale toege-

voegde waarde tot gevolg gehad. Hierdie aandeel het van effens meer as 57½ persent in 1988 tot ongeveer 58½ in 1989 toegeneem. Afgesien van toenames in die totale indiensneming en die volgehoue betreklik hoë vlakke van ekonomiese bedrywigheid, is die styging in die aandeel van die arbeidsvergoeding in die totale faktorinkome tot op sekere hoogte ook deur vakbondoptrede en deur die voortbestaan of verergering van knelpunte met betrekking tot die beskikbaarheid van sekere soorte geskoolde arbeid aangehelp.

Die totale *bruto bedryfsurplus* het in werklikheid in die vierde kwartaal van 1989 effens *ingekrimp*, hoofsaaklik vanweë laer bedryfsurplusse in die landbousektor en 'n laer koers van toename in die maatskappywinste in die fabriekswese, die handel en die finansiewese. Van 1988 tot 1989 het die koers van toename van jaar tot jaar in die totale bruto bedryfsurplus beduidend van 19 tot 15½ persent teruggesak. Hierdie verlangsamings het wyd verspreid deur die ekonomie voorgekom en het veral in die tweede helfte van 1989 meer opmerklik geword.

Die meer sywaartse verloop van die totale bruto bedryfsurplus in die eerste helfte van 1989 en die afwaartse beweging daarvan in die tweede helfte was 'n weerspieëling van veranderings in sowel die binne-landse as die buitelandse omstandighede. Binnelands het die uitbreidings tempo van die reële finale vraag van

Huishoudings : Besparing en direkte belasting betaal



5 persent in 1988 tot 3½ persent in 1989 afgeneem. Hierbenewens is die winsmarges van sakeondernemings deur vinnige toenames in die bedryfskoste en in die onderhoudskoste van kapitaal onder afwaartse druk geplaas. Buitelands is uitvoer-ondernemings in 1989 blootgestel aan die uitwerking van die afwaartse neiging in die internasionale grondstofpryse en van die appresiasie van die rand in die vierde kwartaal.

Die verhouding van die *bruto binnelandse besparing* tot die bruto binnelandse produk het in die tweede kwartaal van 1989 'n laagtepunt bereik van ongeveer 21½ persent, maar was beduidend hoër in sowel die derde as die vierde kwartaal, naamlik ongeveer 23 persent. Die feit dat hierdie verhouding van die derde tot die vierde kwartaal nie verander het nie, was die resultaat van die twee teenoorgestelde kragte van 'n verslapping in die spaargedrag van besluitnemers in die private sektor en van 'n ligte verbetering in die netto besparing deur die algemene owerheid.

Die verbetering in die netto-spaarprestasie van die owerheid gedurende 'n groot deel van die jaar was hoofsaaklik die gevolg van 'n skerp styging in die belastingontvangste. Hierdie styging kon toegeskryf word aan die onverwagte krag van die ekonomie gedurende die vroeë konsolidasiefase, die voortgesette hoë peil van die invoer en die hoë bo-belastinginkomste wat daarmee gepaardgegaan het, die versnelde nominale loon- en salarisverhogings, en strenger maatreëls om verskuldigde bedrae aan algemene verkoopbelasting en agterstallige bedrae aan inkomstebelasting in te vorder.

Afnames is in die vierde kwartaal van 1989 in die netto besparing van die persoonlike sektor sowel as van die private maatskappysektor aangeteken. Die netto besparing deur maatskappye, ofskoon nog steeds op 'n hoë vlak, is nadelig beïnvloed deur die inkrimping van bruto bedryfsurplusse, hoër rente- en dividendbetalings (aan buitelanders in die besonder) en hoër belastingverpligtings. Die netto *persoonlike* besparing het in die vierde kwartaal effens teruggesak, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat die groei in die totale reële persoonlike beskikbare inkomste in die loop van die jaar van 3½ persent in 1988 tot slegs 1½ persent in 1989 verlangsaam het: hoër rentebetalings en 'n toename van 12 persent in die reële omvang van die direkte persoonlike-belastingbetalings in 1989 het 'n groot deel van die styging in die reële vergoeding van werknemers en in die reële inkomste uit eiendom uitgewis. Die verhouding van die netto persoonlike besparing tot die persoonlike beskikbare inkomste het na raming van 2½ persent in 1988 tot 1½ persent in 1989 ingekrimp.

Werkverskaffing

Die totale werkverskaffing in die ekonomie buite die landbousektor het gedurende die drie opgangsjare 1986, 1987 en 1988 met onderskeidelik 0,4, 0,9 en 1,2

Werkverskaffing in nie-landbousektore



Werkloosheid



persent toegeneem. Die gemiddelde vlak van die werkverskaffing buite die landbou was in die eerste drie kwartale van die konsolidasiejaar 1989 'n beskeie 0,9 persent hoër as in die eerste drie kwartale van 1988.

Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van verandering in die totale werkverskaffing buite die landbou het in die eerste drie kwartale van 1989 op -0,4, +1,7 en +1,2 persent te staan gekom. Die hernieuwe verlangsaaming van die groei in die totale werkverskaffing in die derde kwartaal was 'n weerspieëling van voortgesette personeelvermindering in onder meer die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese, die provinsiale administrasies, die konstruksiebedryf, elektrisiteitsopwekking en die goudmynbedryf, sowel as van personeelafankings deur plaaslike owerhede, die private padvervoerdienste en die groothandel. Gegewens wat tans vir die vierde kwartaal van 1989 beskikbaar is, dui op verdere netto afdankings in die konstruksiebedryf en elektrisiteitsopwekking en op 'n daling in die werkverskaffing in die fabriekswese.

Die totale werkverskaffing in die *private* nie-landbousektor het in die eerste kwartaal van 1989 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 1,3 persent afgeneem, maar in die tweede kwartaal teen 'n jaarkoers van 1,6 persent en in die derde kwartaal teen 'n vergelykenderwys gunstige koers van 1,3 persent toege-

neem. Afgesien van die werklike personeelvermindering in daardie sektore waarvan hierbo reeds melding gemaak is, het die hernieuwe verlangsaaming van die toename in die werkverskaffing in die private sektor in die derde kwartaal van 1989 ook 'n stadige uitbreiding van werkgeleenthede in die fabriekswese, die handel, die bankwese en sekere ander dienstebedrywe weer gespeel.

Die totale indiensneming deur die *openbare owerhede* het in die eerste en tweede kwartaal van 1989 betreklik vinnig, naamlik teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 1,7 en 2,0 persent, toegeneem maar daarna tot 'n jaarkoers van toename van 1,0 persent in die derde kwartaal verlangsaam. Die gemiddelde tempo waarteen die werkverskaffing deur die openbare owerhede gedurende die eerste nege maande van 1989 as geheel toegeneem het, was beduidend hoër as die gemiddelde koers van toename in die werkverskaffing in die private sektor. Omgereken na jaarvlakke het die betrokke twee groeikoerse op onderskeidelik 1,3 en 0,7 persent te staan gekom.

Dit wil voorkom of die verhouding van *oortydure* tot gewone ure gewerk in die fabriekswese en die konstruksiebedryf in die derde kwartaal van 1988 'n hoogtepunt bereik het. In ooreenstemming met die verswakkende toename in die vraag na arbeid, het hierdie verhouding vervolgens in die fabriekswese per saldo tot in Oktober 1989 min of meer sywaarts beweeg maar in die konstruksiebedryf 'n taamlik meer duidelik sigbare afwaartse beweging getoon.

Die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde *werklooses* in die Blanke, Kleurling- en Asiërbevolkingsgroepe het van 'n hoogtepunt van 82 300 in Augustus 1986 (in die vroeë stadiums van die konjunkturoorgang van 1986-1988) tot 'n laagtepunt van 45 100 in Januarie 1989 afgeneem. Daarna het dit kortstondig weer tot 51 600 in April 1989 opbeweeg voordat dit – in 'n verloop van sake wat die sikliese afkoeling van die ekonomie skynbaar weerspreek het – tot 'n nuwe laagtepunt binne die afgelope vier jaar van 41 100 in Desember 1989 afgeneem het.

Die seisoensaangesuiwerde *totale* aantal geregistreerde werklooses het van 'n hoogtepunt van 136 900, wat eers so laat as September 1987 bereik is, tot 'n laagtepunt van 107 200 in Februarie 1989 afgeneem. Daarna het dit per saldo tot 127 500 in Desember gestyg. Die netto styging in die totale geregistreerde werkloosheid tot Desember 1989 was egter nog steeds aanmerklik kleiner as die toenames wat tot op vergelykbare tydstippe in die voorafgaande drie afwaartse konjunkturbewegings in die Suid-Afrikaanse ekonomie aangeteken is.

Die aantal werklose *Swart* werkers, soos dit deur die Lopende Bevolkingsopname gemeet word, het in April 1989 'n laagtepunt van 734 000 bereik, kortstondig tot 791 000 in Mei toegeneem, maar vervolgens weer tot 'n nuwe laagtepunt van 724 000 in Oktober 1989 gedaal. Die werkloosheidsyfer vir Oktober was gelyk aan

ongeveer 10,7 persent van die geraamde Swart arbeidsmag.


Arbeidskoste en produktiwiteit

Die toename van jaar tot jaar in die jaarlikse bedrag van die nominale salarisse en lone per werker in die ekonomie buite die landbousektor het van 11,4 persent in die resessiejaar 1985 tot 15,6 persent in 1988 versnel. In die eerste drie kwartale van 1989 was die gemiddelde vlak van die nominale lone per werker 'n aansienlike 17,9 persent hoër as in die eerste drie kwartale van 1988.

Van 1985 tot 1988, en veral in 1988, was die toenames van jaar tot jaar in die nominale bedrag van die salarisse en lone per werker in die *private* sektor buite die landbou beduidend hoër as die tempo waarteen die nominale lone van werkers in diens van die *openbare owerhede* toegeneem het. Hierdie neiging is egter in 1989 omgekeer: die gemiddelde vlakke van die nominale salarisse en lone per werker in die private sektor en van werkers in diens van die openbare owerhede was in die eerste drie kwartale van 1989 onderskeidelik 16,9 en 20,1 persent hoër as die teenhangers daarvan in die eerste drie kwartale van 1988.

Die tempo van die toename in die nominale loon per werker in die *private* nie-landbousektore van die ekonomie het gemiddeld in baie geringe mate vanaf be-

Arbeidsproduktiwiteit, -vergoeding en -eenheidskoste in nie-landbousektore



treklik bestendige koerse oor vier kwartale van 17,5, 17,7 en 17,6 persent in die laaste drie kwartale van 1988 tot koerse van 14,7, 18,2 en 17,6 persent in die eerste drie kwartale van 1989 teruggesak. In 'n opmerklke teenstelling met hierdie verloop van sake het die tempo van die toename in die nominale loon per werker in diens van die *openbare owerhede* egter skerp vanaf koerse oor vier kwartale van slegs 9,0 en 8,4 persent in die derde en die vierde kwartaal van 1988 tot koerse van nie minder nie as 19,7, 17,5 en 23,1 persent in die eerste drie kwartale van 1989 versnel. Die koers van toename oor vier kwartale in die gemiddelde nominale loon van *alle werkers* buite die landbou het diensgevolge gestadig vanaf 14,7 persent in die laaste kwartaal van 1988 tot 16,3, 18,0 en 19,3 persent in die eerste drie kwartale van 1989 toegeneem.

Die *reële* loon per werker het in die resessiejaar 1985 en die vroeë opgangsjare 1986 en 1987 gedaal. In 1988 het dit egter in vergelyking met 1987 met 2,5 persent toegeneem, en in die eerste drie kwartale van 1989 was dit gemiddeld 2,9 persent hoër as in die eerste drie kwartale van 1988. Die koers van toename oor vier kwartale in die *reële* loon per werker het van 2,4 persent in die eerste kwartaal van 1989 tot 2,7 persent in die tweede kwartaal en tot nie minder nie as 3,4 persent in die derde kwartaal gestyg.

Die *reële arbeidsproduktiwiteit* in die nie-landbou-sektore het van 1987 tot 1988 teen 'n betreklik stewige koers van 2,6 persent verbeter. In die loop van 1989 het die tempo van die produktiwiteitsverbeterings oor vier kwartale egter van 2,3 persent in die eerste kwartaal tot 1,8 persent in die tweede kwartaal teruggesak. Daarna het die verandering in die arbeidsproduktiwiteit oor periodes van vier kwartale nog weer verder verswak tot by 'n werklike *afname* daarin van 0,4 persent in die derde kwartaal.

Die aanmerklke verbetering in die arbeidsproduktiwiteit in 1988 het daartoe bygedra om die toename in die *nominale arbeidskoste per eenheid fisiese produksie* in die nie-landbousektore gedurende daardie jaar tot 'n gemiddelde vlak van 12,6 persent te beperk. In die loop van 1989 het die versnelling van die nominale loonsverhogings enersyds, en die meer sywaartse verloop en uiteindelijke daling van die fisiese arbeidsproduktiwiteit andersyds, egter daartoe gelei dat die koers van toename oor vier kwartale in die nominale arbeids-eenhetskoste van 13,7 persent in die eerste kwartaal tot 15,9 persent in die tweede kwartaal en tot 'n veront-rustende 19,7 persent in die daaropvolgende drie maande toegeneem het.


Die *reële* arbeidseenheidskoste het van 1985 tot 1988 deurlopend gedaal. Die stygende *reële* loon per werker en die verlangsameing en uiteindelijke omme-swaai van die verbeterings in die fisiese arbeidspro-duktiwiteit het vervolgens egter meegebring dat die *reële* arbeidskoste per eenheid produksie in die eerste, die tweede en die derde kwartaal van 1989 weer teen koerse oor vier kwartale van onderskeidelik 0,1 per-

sent, 0,9 persent en nie minder nie as 3,8 persent toegeneem het. Die gemiddelde vlak van die *reële* arbeidseenheidskoste in die eerste nege maande van 1989 was gevolglik ongeveer 1,6 persent hoër as in die eerste nege maande van 1988.

Pryse

Inflasie, soos dit deur die koerse van verandering van kwartaal tot kwartaal in die belangrikste prysindekse gemeet word, was in die eerste twee kwartale van

Pryse



1989 oor die algemeen aanmerklik hoër as in die derde en vierde kwartaal van 1988, maar het in die meeste gevalle in sowel die derde as die vierde kwartaal van 1989 weer tot beduidend laer vlakke teruggesak. Op soortgelyke wyse het die koerse van toename oor twaalf maande in hierdie indekse tot ongeveer die middel van 1989 geneig om te versnel, maar in die tweede helfte van die jaar 'n mate van verbetering getoon. Van die jaar 1988 tot die jaar 1989 het die koerse van toename in die jaarlikse gemiddelde vlakke van die produksiepryse en van die verbruikerspryse nietemin nog steeds van 13,2 tot 15,2 persent en van 12,9 tot 14,7 persent versnel.

Die depresiasie van die rand in 1988 het veroorsaak dat die pryse van *ingevoerde goedere* in die derde kwartaal van 1988 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaar koers van kwartaal tot kwartaal van 21,6 persent toegeneem het. Die hernieude verswakking van die wisselkoers vanaf vroeg in 1989, en die uitwerking van die verhoogde bo-belasting op invoer goedere wat aanvanklik in Augustus 1988 ingestel is, het vervolgens meegebring dat hierdie toename koers dramaties van slegs 10,3 persent in die eerste kwartaal van 1989 tot nie minder nie as 30,7 persent in die tweede kwartaal gestyg het. In die derde kwartaal van 1989 het die wisselkoers van die rand op die valuta-markte egter 'n ietwat vaster voorkoms begin toon en in die vierde kwartaal het die effektiewe wisselkoers in werklikheid aansienlik verstewig. As gevolg hiervan het die inflasie koers van ingevoerde goedere van kwartaal tot kwartaal in die derde kwartaal tot 'n jaar koers van 17,4 persent teruggesak en in die vierde kwartaal tot slegs 3,4 persent ingekrimp.

Die koers van toename oor *twaalf maande* in die prysindeks van ingevoerde goedere het van 'n onderste draaipunt van slegs 6,7 persent in Desember 1987 tot 19,3 persent in Junie 1989 gestyg. Dit lyk waarskynlik dat die stewiger ondertoon en die daaropvolgende appresiasie van die rand in die derde en die vierde kwartaal van 1989 'n vroeë bydrae daartoe gelewer het dat hierdie koers vervolgens gestadig tot 14,7 persent in Desember 1989 en tot 14,4 persent in Januarie 1990 verlangsaam het.

Die jaar koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die pryse van *binnelands geproduseerde goedere* het van 'n laagtepunt van 11,5 persent in die vierde kwartaal van 1988 tot 'n hoogtepunt van 18,9 persent in die eerste kwartaal van 1989 versnel, maar in die derde en die vierde kwartaal van 1989 tot 12,0 en 10,7 persent afgeneem. Die koers van toename oor *twaalf maande* in die pryse van binnelands geproduseerde goedere het van die begin van 1988 geleidelik tot 15,4 persent in Mei 1989 gestyg maar vervolgens tot 14,0 persent in Januarie 1990 teruggesak.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die totale *produksieprysindeks*, waarin die bewegings van die prysindekse van ingevoerde sowel as van binnelands geproduseerde goedere opgeneem is, het

van 'n seisoensaangesuiwerde jaarvlak van 10,9 persent in die vierde kwartaal van 1988 tot vlakke van 17,7 en 20,2 persent in die eerste twee kwartale van 1989 gestyg. In ooreenstemming met die bewegings in die twee indekse waaruit die produksieprysindeks saamgestel is, het hierdie koers vervolgens tot slegs 13,0 en 8,7 persent in die derde en die vierde kwartaal van 1989 afgeneem. Die koers van toename oor *tydperke van twaalf maande* in die totale produksieprysindeks het, in noue samehang met die verloop van die prysindeks vir binnelands geproduseerde goedere, vanaf die begin van 1988 geleidelik tot 'n hoogtepunt van 15,8 persent in Mei 1989 gestyg. Daarná het dit geleidelik en per saldo tot 14,6 persent in sowel November as Desember en tot 14,1 persent in Januarie 1990 teruggesak.

Die jaar koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die *verbruikersprysindeks* het verdubbel van 'n laagtepunt van 9,2 persent in die eerste kwartaal van 1988 tot 'n hoogtepunt van 18,4 persent in die tweede kwartaal van 1989. Daarná het dit weer tot 13,3 persent in die vierde kwartaal van 1989 afgeneem.

Die koerse van toename in die pryse van verbruiks-*goedere* (wat ongeveer 60,5 persent van alle bestedingsposte in die verbruikersprysindeks uitmaak) was in die tweede en die derde kwartaal van 1989 aanmerklik hoër as die persentasietoenames in die totale verbruikersprysindeks, maar het in die vierde kwartaal tot dieselfde vlak as dié van die stygingskoers in die totale indeks teruggekeer. Die stygings in die pryse van verbruikers-*dienste* het van 'n jaar koers van 19,0 persent in die eerste kwartaal van 1989 tot slegs 9,4 persent in die derde kwartaal verlangsaam, maar in die vierde kwartaal weer tot 11,5 persent versnel. Die matige herversnelling van die toenames in hierdie pryse in

Verbruikerspryse



die vierde kwartaal het voorgekom ondanks die feit dat dalings in die toenamekoerse van die koste van vervoerdienste en van behuisingskoste aangeteken is.

Die koers van toename oor *twaaalf maande* in die verbruikerspryse het van 'n laagtepunt van 12,3 persent wat nog so onlangs as Oktober 1988 voorgekom het, tot 15,7 persent in Junie 1989 gestyg. Hierdie koers het vervolgens tot 14,8 persent in Oktober 1989 gedaal, weer ietwat tot 15,3 persent in Desember gestyg, en in Februarie 1990 op 14,9 persent te staan gekom. Die inflasiekoers oor *twaaalf maande* in die pryse van verbruiks*goedere* was in Februarie, gedeeltelik as gevolg van hoër brandstof- en kragtariewe en verhoogde pryse van voedsel en medisyne (as voorbeelde van verskeie groot prysverhogings), op sy peil van 15,6 persent weer eens hoër as die koerse van toename oor *twaaalf maande* in die pryse van verbruikersdienste sowel as in die totale verbruikersprysindeks.

Betalingsbalans en wisselkoerse

Lopende rekening

Nadat dit in die derde kwartaal van 1989 aansienlik verstewig het, het die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans, seisoensaangesuiwerd en teen 'n jaarkoers, in die daaropvolgende drie maande nog effens verder verbeter, naamlik met R28 miljoen tot R5,9 miljard. Die oorskot op die lopende rekening vir die jaar 1989 het daardeur op R4,1 miljard te staan gekom, teenoor R2,9 miljard in 1988. Die oorskot van 1989 was Suid-Afrika se vyfde agtereenvolgende jaarlikse oorskot op die lopende rekening; die kumulatiewe oorskot van R26,3 miljard van 1985 tot en met 1989 was gelyk aan ongeveer 3 persent van die bruto binne-landse produk gedurende hierdie vyf jaar.

Die klein verdere verstewiging van die oorskot op die lopende rekening in die vierde kwartaal van 1989 was die gevolg van (1) 'n geringe verdere styging in die waarde van die netto gouduitvoer, en (2) 'n betekenisvolle verdere daling in die waarde van die goedere-invoer. Gesamentlik het hierdie twee faktore meer as vergoed vir die uitwerking van (1) 'n verdere daling in die goedere-uitvoerverdiens, en (2) aansienlik hoër netto dienste- en oordragbetalings aan buitelanders.


Die toename van 2,3 persent in die waarde van die *netto gouduitvoer* in die vierde kwartaal van 1989 kon byna geheel en al toegeskryf word aan 'n styging van 6 persent (van VSA\$367 tot VSA\$390 per fyn ons) in die gemiddelde dollarprys van goud van die derde tot die vierde kwartaal; appresiasie van die rand teenoor die dollar gedurende hierdie tydperk het die styging in die randprys van goud egter tot slegs ongeveer 2 persent (van R1 004 tot R1 024) beperk. In Januarie en Februarie 1990 het die gemiddeldes van die dollarprys en die randprys van goud verder opwaarts beweeg tot onderskeidelik VSA\$413 en R1 054 per fyn ons.

In die loop van die kalenderjaar 1989 het die gemiddelde dollarprys van goud gedaal tot \$382 per fyn ons vanaf \$437 in die voorafgaande jaar, volgens 'n globale negatiewe verwantskap tussen die goudprys en die opwaartse neiging in die waarde van die dollar in die

Lopende rekening van die betalingsbalans
Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse
R miljoene

	1988	1989				
	Jaar	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar
Goedere-uitvoer	31 472	34 560	44 320	40 610	38 730	39 555
Netto gouduitvoer	19 622	18 970	18 150	19 670	20 122	19 228
Goedere-invoer	-39 170	-42 150	-49 580	-43 930	-40 872	-44 133
Netto dienste- en oordragbetalings	-8 985	-8 670	-10 920	-10 510	-12 112	-10 553
Saldo op lopende rekening	2 939	2 710	1 970	5 840	5 868	4 097

Betalingsbalans



internasionale valutamarkte, wat vroeg in 1988 begin het en per saldo tot vroeg in die derde kwartaal van 1989 voortgeduur het. Die daling in die gemiddelde dollarprys van goud in die loop van 1989 is egter meer as ten volle geneutraliseer deur die depresiasie van die rand teenoor die dollar gedurende die jaar; op grond hiervan het die jaarlikse gemiddelde *randprys* van goud in werklikheid effens gestyg, naamlik van R992 per fyn ons in 1988 tot R999 per fyn ons in 1989. Die daling van 2 persent in die randwaarde van die Suid-

Afrikaanse netto gouduitvoer in 1989 kon dus uitsluitend toegeskryf word aan die daling in die fisiese goudproduksie tot ongeveer 608 ton in 1989 vanaf ongeveer 618 ton in die voorafgaande jaar.


Die waarde van die *goedere-invoer* het van die tweede tot die derde kwartaal van 1989 skerp gedaal (naamlik met ongeveer 11½ persent) en in die vierde kwartaal met 'n verdere 7 persent afgeneem. As weerspieëling van die geleidelike afwaartse neiging in die totale reële bruto binnelandse besteding ná die eerste paar maande van 1989, het die *hoeveelhede* van die goedere-invoer in die derde kwartaal van 1989 met 13½ persent gedaal vanaf die hoë vlak wat dit in die tweede kwartaal bereik het, en in die vierde kwartaal met 'n verdere 5 persent ingekrimp. Die gemiddelde *prysvlak* van ingevoerde goedere was in die vierde kwartaal van 1989 slegs ongeveer 2 persent laer as in die voorafgaande drie maande, ondanks die feit dat die gemiddelde effektiewe wisselkoers van die rand gedurende daardie tydperk met 3,6 persent verstewig het. Die uitwerking van die appresiasie van die rand op die pryse van ingevoerde goedere is egter gedeeltelik geneutraliseer deur 'n opwaartse neiging in die pryse op die internasionale ru-oliemarkte en deur 'n effense versnelling van die inflasie in sekere handelsvennootlande.

Gedurende 1989 in sy geheel het die daling van ongeveer 1 persent in die totale reële bruto binnelandse besteding met 'n daling van 1½ persent in die reële goedere-invoer gepaard gegaan. Die gemiddelde *prysvlak* van die goedere-invoer in rand was in 1989 egter ongeveer 14½ persent hoër as in 1988. Op grond hiervan was die waarde van die goedere-invoer in 1989, op sy peil van R44,1 miljard, meer as 12½ persent hoër as in die voorafgaande twaalf maande.


Die waarde van die *goedere-uitvoer*, wat in die tweede kwartaal van 1989 'n nuwe rekordhoogtepunt bereik het, het in die derde kwartaal van 1989 met 8½ persent en in die vierde kwartaal met 'n verdere 4½ persent gedaal. In teenstelling met die gang van sake by die goedere-invoer, kon die daling in die totale goedere-uitvoerdiens in die vierde kwartaal bykans geheel en al aan 'n daling van meer as 4 persent in die uitvoerpryse toegeskryf word. Die uitwerking van die verstewiging van die wisselkoers van die rand op hierdie pryse is in die vierde kwartaal versterk deur 'n verdere verswakking van 'n aantal grondstofpryse (hoofsaaklik van sekere onedele metale soos nikkel, koper en chroom, en van wol en mielies) op die internasionale markte.

Die fisiese *omvang* van die goedere-uitvoer is in die vierde kwartaal goed op peil gehou: die daling daarin van die derde tot die vierde kwartaal het 'n skrale ½ persent beloop. Indien die waarde van die Suid-Afrikaanse goedere-uitvoer in VSA-dollars uitgedruk word, het die daling daarin die vierde kwartaal eweneens ½ persent beloop. Dalings in goedere-uitvoerdiens in die laaste drie maande van 1989 is hoofsaaklik in die

Goud-, kommoditeits- en oliepryse



Ruilvoet, insluitende goud



uitvoer van minerale en van chemiese produkte, edelmetale en edelstene aangeteken.

Die netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners het van die derde tot die vierde kwartaal van 1989 weer sterk gestyg (naamlik met 15 persent) tot 'n nuwe rekordvlak (ná seisoensaansuiwering en teen 'n jaarkoers gereken) van meer as R12 miljard. Hierdie toename was gedeeltelik 'n weerspieëling van 'n daling in rente- en dividendontvangste uit buitelandse bronne. Daarteenoor het die Suid-Afrikaanse dienstebetalings aan buitelanders baie sterk gestyg, hoofsaaklik as gevolg van groter rentebetalings. Die toename in die rentebetalings het voortgespruit uit verdere stygings in die buitelandse rentekoerse sowel as uit buitelandse

beleggers se aansienlike omskakeling van beleggings in Suid-Afrikaanse aandele na beleggings in Suid-Afrikaanse rentedraende effekte; die omvang van sodanige omskakelings het in die loop van die laaste drie kwartale van 1989 aanmerklik toegeneem.

'n Oorsig van die hoofposte op die lopende rekening in die jaar 1989 toon duidelik dat die hernieuwe versterking van die oorskot op die lopende rekening gedurende die jaar as geheel uitsluitend aan die opmerkbare Suid-Afrikaanse goedere-uitvoerprestasie toegeskryf kon word. Die gemiddelde pryspeil van die goedere-uitvoer was in 1989 ongeveer 7½ persent hoër as in 1988. Die fisiese *hoeveelheid* van die Suid-Afrikaanse uitvoer was in 1989 egter 'n aanmerklike 17 persent hoër as in die voorafgaande jaar. Hierdie groei in die fisiese omvang van die uitvoer het dus baie gunstig vergelyk met die geraamde uitbreiding van die omvang van die wêreldhandel in 1989 van 7 persent. Teen die agtergrond van die matige tot beskeie groei van die reële Suid-Afrikaanse ekonomie in die gevorderde opgangsjaar 1988 en die konsolidasiejaar 1989, het die Suid-Afrikaanse "uitvoerkwota" (dit wil sê die verhouding van die reële goedere-uitvoer tot die reële bruto binnelandse produk) van ongeveer 17 persent in 1987 tot meer as 20 persent in 1989 gestyg.

Kapitaalrekening

Die totale uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie, wat in die derde kwartaal van 1989 taamlik dramaties ingekrimp het tot R0,5 miljard vanaf bykans R1,5 miljard in die tweede kwartaal, het in die vierde kwartaal weer skerp toegeneem, naamlik tot R1,7 miljard. In die jaar 1989 het die totale uitvloeiing van kapitaal egter tot R5,6 miljard gedaal, vanaf R6,5 miljard in 1988. Dit was die gevolg van aansienlik kleiner uitvloeiings van korttermynkapitaal.

Die hernieuwe styging in die uitvloeiing van nie-reserweverwante kapitaal in die vierde kwartaal van 1989 kon toegeskryf word aan die hernieuwe voorkoms van 'n uitvloeiing van langtermynkapitaal en aan 'n aansienlike toename in die uitvloeiing van korttermynkapitaal. Dit wil voorkom asof die uitvloeiings bestaan het uit 'n toename in Suid-Afrikaanse inwoners se besit aan buitelandse bates sowel as uit skuldterugbetalings kragtens die stilstandreëlins en uit terugbetalings op skuld buite die stilstandnet.

Die bewegings van langtermynkapitaal het weer omgeswaai van 'n invloeiing van R179 miljoen in die derde kwartaal van 1989 na 'n uitvloeiing van R281 miljoen in die daaropvolgende drie maande, hoofsaaklik as gevolg van groot netto uitvloeiings van private kapitaal. Die openbare korporasies, wat in die derde kwartaal klein netto terugbetalings op hulle buitelandse skuld gemaak het, het in die vierde kwartaal per saldo weer buitelandse fondse opgeneem. In die loop van 1989 het die openbare korporasies in werklikheid weer nuwe buitelandse kapitaal bekom – hoofsaaklik

Netto kapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie)
R miljoene

	1988	1989				
	Jaar	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar
Langtermynkapitaal						
Openbare owerhede	-433	-306	-143	-170	-20	-639
Openbare korporasies	-636	124	316	-62	58	436
Private sektor:	-33	-213	-901	411	-319	-1 022
Totale langtermynkapitaal	-1 102	-395	-728	179	-281	-1 225
Korttermynkapitaal insluitende onaangetekende transaksies, maar uitsluitende laste verwant aan reserwes	-5 444	-1 456	-752	-678	-1 445	-4 331
Totale kapitaalbewegings uitsluitende laste verwant aan reserwes	-6 546	-1 851	-1 480	-499	-1 726	-5 556


in die vorm van projekfinansiering – tot 'n beduidende netto bedrag van R436 miljoen.

Groot netto *verkope* in die eerste helfte van 1989 deur buitelanders van effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word (ten bedrae van R650 miljoen) is in die tweede helfte van die jaar deur groot netto *aankope* van sodanige effekte gevolg. Nie-inwoners se verhoogde aan- en verkoopbedrywig-

hede op die Johannesburgse Effektebeurs – wat hoofsaaklik voortgespruit het uit oorsese beleggers se verbeterde persepsies van die Suid-Afrikaanse maatskaplik-politieke toestand en vooruitsigte maar ook die proses ingesluit het van die omskakeling deur hierdie beleggers van maatskappy-aandele na rentedraende effekte, waarvan vroeër reeds melding gemaak is – was in die derde en die vierde kwartaal van 1989 in werklikheid 'n opvallende kenmerk van die handelsbedrywighede op die Suid-Afrikaanse kapitaalmarkte.

Die uitvloeiing van *korttermynkapitaal* het van die derde kwartaal tot die vierde kwartaal van 1989 verdubbel, naamlik van R0,7 miljard tot R1,4 miljard; die uitvloeiing in die vierde kwartaal was ietwat groter as die kwartaallikse gemiddelde van hierdie soort uitvloeiings in die afgelope twee kalenderjare. Inbegrepe in die uitvloeiing van korttermynkapitaal in die vierde kwartaal was 'n toename van ongeveer R0,8 miljard in Suid-Afrikaanse inwoners se besit aan buitelandse bates in die vorm van handelsfinansiering.

Netto kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie



Buitelandse reserwes

Die Suid-Afrikaanse *totale bruto* goud- en ander buitelandse reserwes, wat in die eerste nege maande van 1989 met R671 miljoen toegeneem het, het in die vierde kwartaal met R470 miljoen teruggesak. In VSA-dollars gereken het die totale bruto reserwes vanaf die einde van September 1989 tot die einde van Desember egter nog steeds in baie geringe mate (naamlik met \$5 miljoen) gestyg. Bowendien was die daling in die randwaarde van die bruto reserwes in die vierde kwartaal in belangrike mate die teenhanger van 'n vermindering (dit wil sê terugbetalings) van buitelandse korttermynlaste. Die totale *netto* goud- en ander buitelandse reserwes, wat in die derde kwartaal met R429 miljoen gestyg het, het in die vierde kwartaal met R307 miljoen gedaal.

In die tydperk Januarie-Februarie 1990 het die bruto en netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank bemoedigend met onderskeidelik R632

miljoen en nie minder nie as R2 913 miljoen gestyg. Die totale goudreserwes van die Reserwebank, wat van 3,6 miljoen fyn onse aan die einde van September 1989 tot 3,0 miljoen fyn onse aan die einde van Januarie 1990 gedaal het, het vervolgens weer herstel tot 3,5 miljoen fyn onse aan die einde van Februarie.

Wisselkoerse

Hoewel die effektiewe wisselkoers van die rand in die derde kwartaal van 1989 gemiddeld sterker was as in die voorafgaande drie maande, het dit op 18 September 1989 die laagste vlak bereik wat nog ooit aange-teken is; eweneens op daardie datum het die waarde van die rand in VSA-dollars van \$0,3536 per rand (gelyk aan R2,8280 per dollar) byna 'n nuwe rekordlaagte-punt beteken. Daarna het die effektiewe wisselkoers van die rand egter vanaf 18 September tot aan die einde van die jaar met 7 persent verstewig.

Die herstel van die rand in die laaste 3½ maande van 1989 was hoofsaaklik 'n weerspieëling van die verswakking van die VSA-dollar (veral teenoor die Duitse mark), Suid-Afrika se groot en goed volgehoue oorskotte op die lopende rekening, en die opwaartse beweging van die dollarprys van goud vanaf die laagte-punt van \$357,70 per fyn ons wat dit op 15 September bereik het. Afgesien van sy verstewiging teenoor die

Veranderings in die wisselkoerse van die rand

%	18 Sept 1989 tot 31 Des 1989	31 Des 1988 tot 31 Des 1989	31 Des 1989 tot 28 Feb 1990
Geweege gemid- delde	7,0	-3,8	-1,1
VSA-dollar	11,0	-6,7	-0,3
Britse pond	8,2	4,2	-5,1
Duitse mark	-4,4	-11,8	-0,1
Switserse frank	0,9	-5,1	-3,8
Japanse jen	8,9	6,3	3,3
Franse frank	-3,2	-11,6	-1,0
Finansiële rand	12,7	6,8	-2,3

dollar, het die rand gedurende hierdie tydperk ook aansienlik veld gewen teenoor sterling en die Japanse jen.


Gedurende 1989 in sy geheel het die effektiewe wis-selkoers van die rand met 3,8 persent gedaal. Appre-siasies van die rand teenoor sterling en die jen is deur depresiasies teenoor al die ander belangrike geld-eenhede oorskadu.

In Januarie en Februarie 1990 het die effektiewe wis-selkoers van die rand wesenlik stabiel gebly op die hoër vlakke wat dit teen die einde van 1989 bereik het. Oor hierdie tydperk van twee maande het die wisselkoers per saldo met 'n matige 1,1 persent verswak.

Die *finansiële* rand het merkwaardig, naamlik met 28½ persent, geapprešieer vanaf die onlangse laagte-punt daarvan van R4,38 per dollar op 25 Augustus 1989 tot R3,40 per dollar aan die einde van Januarie 1990; ná die Staatspresident se rede by die opening van die Parlement op 2 Februarie 1990 het dit verder verstewig tot R3,13 per dollar op 6 Februarie. Hierdie verbetering kon hoofsaaklik toegeskryf word aan nie-inwoners se gunstige indrukke van sekere van die on-langse en huidige maatskaplik-politieke inisiatiewe van die Suid-Afrikaanse regering en aan die sterk oplewing in buitelandse beleggers se vraag na Suid-Afrikaanse effekte wat daarmee gepaard gegaan het.

Die diskonto van die finansiële rand teenoor die kommersiële rand het aansienlik vernou van 36,9 per-sent op 25 Augustus 1989 tot 28,9 persent aan die einde van Desember en tot 19,2 persent op 6 Februa-rie 1990. Teen die einde van Februarie het die finansiële rand egter weer tot op 'n vlak van R3,67 per dollar gedeprešieer. Die diskonto van die finansiële rand teenoor die kommersiële rand het toe op 30,3 persent gestaan.

Wisselkoerse



Finansiële markte

Geldvoorraad

Die koers van toename in die M3-geldvoorraad oor tydperke van 12 maande, wat in Augustus 1988 'n hoogtepunt van 27,9 persent bereik het, het betreklik geleidelik teruggesak tot 22,9 persent in September 1989 maar daarna weer tot 24,6 persent in Oktober versnel. Die herversnelling in Oktober kon gedeeltelik toegeskryf word aan die bykomende verlening van bankkrediet en skepping van bankdeposito's wat aan die aandele-uitgifte van Yskor vroeg in November voorafgegaan het. By afwesigheid van soortgelyke versteurende gebeure het die groeikoers van M3 oor twaalf maande vervolgens weer teruggesak tot 23,3 persent in November 1989 en tot 22,7 persent in Desember. Daarna het dit egter opnuut 'n herversnelling getoon tot 23,6 persent in Januarie 1990.

Hernieuwe depositeurentekoersverhogings vanaf September 1989, die Bankkoersverhoging van 11 Oktober, verwagtings van moontlike verdere stygings in die rentekoerse, en 'n ontegemootkomende beleidsinsteldheid van die Reserwebank by die diskontoversneter, het gelei tot hernieuwe afwaartse druk op die banke se rentekoersmarges en tot voortgesette verskynsels van herintermediëring en "egte likwiditeits-


voorkeur". Dit lyk waarskynlik dat hierdie verskynsels die waargenome koerse van die monetêre uitbreiding in die laaste deel van 1989 en vroeg in 1990 beduidend verhoog het. Die seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van die groei in die kwartaalike gemiddelde van M3 van *kwartaal tot kwartaal* het desondanks aanmerklik – hoewel nog nie voldoende nie – vanaf sy hoogtepunt van 29,5 persent in die derde kwartaal van 1988 tot 20,9 persent in die vierde kwartaal van 1989 teruggesak. Die binnelandse private nie-banksektor se besit aan verhandelbare depositosertifikate (wat by M3 ingesluit is) het vanaf die einde van Desember 1988 tot die einde van Desember 1989 met nie minder nie as R9,2 miljard gestyg en daardeur meer as een-derde van die toename van R27,0 miljard in M3 gedurende hierdie tydperk bygedra.

Die meer onlangse koerse van toename in M3 van kwartaal tot kwartaal was, ofskoon laer as in die laaste deel van 1988, nietermin nog steeds hoër as die groeikoerse in die bruto binnelandse produk teen heersende pryse van kwartaal tot kwartaal. As gevolg hiervan het die omloopsnelheid van M3 verder gedaal tot 1,745 in die vierde kwartaal van 1989, vanaf die jongste omloopsnelheidshoogtepunt van 2,005 in die eerste kwartaal van 1987 en vanaf 1,803 in die derde kwartaal van 1989. In die vierde kwartaal van 1989 was die omloopsnelheid in werklikheid op sy laagste sedert die vierde kwartaal van 1976.

Deels as gevolg van die voortdurende rol wat "egte likwiditeitsvoorkeur" in die beleggingsbesluite van deposante gespeel het, het die groei in M3 nog gekonsentreer gebly in deposito's met onverstreke looptye van meer as een dag maar nie meer as ses maande nie (dit wil sê in "ander kort"- en middeltermyndeposito's), waarop bowendien vergelykenderwys hoër rente verdien kon word. In Desember 1989 het die koers van toename oor twaalf maande in "ander kort"- en middeltermyndeposito's nie minder nie as 40,7 persent beloop. Die vergelykenderwys baie vinnige groei in hierdie deposito's het meegebring dat die aandeel daarvan in M3 van 43,8 persent in Desember 1988 tot meer as die helfte van die totaal (50,2 persent) in Desember 1989 gestyg het. As die teenhanger daarvan het die koers van toename oor twaalf maande in die *langtermyn*depositoverpligtings van die monetêre instellings in Desember 1989 nog steeds slegs 'n skrale 4,8 persent beloop.

Die koerse van toename van kwartaal tot kwartaal en oor twaalf maande in die enger monetêre totale, M1A en M1, het in die loop van 1989 oor die algemeen heelwat laer gebly as dié in M3. In Desember 1989 het die koerse van toename oor twaalf maande in M1A en M1 10,8 en 10,9 persent beloop. Die betreklik stadige groei in M1A was 'n weerspieëling van die meer beperkte uitbreiding van die vraag na geld vir transaksiedoeleindes en van die nie-rentedraende aard van belangrike bestanddele van die M1A-geldtotaal. In teenstelling daarmee het die koers van toename oor twaalf

Geldvoorraad



maande in M2 – weens die eksploesiewe groei in sy "ander kort"- en middeltermynkomponent, waarvan hierbo reeds melding gemaak is – in Desember 1989 'n aanmerklike 27,4 persent beloop.

In die statistiese of rekeningkundige sin kon die toename van R27,0 miljard in M3 van die einde van Desember 1988 tot die einde van Desember 1989 in hoofsaak verklaar word aan die hand van 'n toename van R24,6 miljard in die kredietverlening van die monetêre instellings aan die binnelandse private sektor. Die monetêre instellings se netto eise teen die regeringsektor het gedurende 1989 met R2,7 miljard afgeneem; hierbenewens het hul netto besit aan goud- en ander buitelandse reserwes gedurende hierdie tydperk met R1,5 miljard gedaal. Die "netto ander bates" van die geldskeppende sektor – met ingebrip van die Reserwebank se eise teen die Tesourie uit hoofde van die tekorte wat die Bank by die voorsiening van valutatermyndekking ondervind het – het gedurende die betrokke twaalf maande 'n positiewe bydrae tot M3 gelever tot 'n bedrag van R6,6 miljard.

Die mikpuntjaar 1989

Die toename in die kwartaallikse gemiddelde van M3 van die vierde kwartaal van 1988 tot die vierde kwartaal van 1989 het 23,5 persent bedra. Dit kan vergelyk word met die 18 persent van die boonste grens aan die mikpuntperk vir M3, wat vir 1989 op 14 tot 18 persent gestel is. Op sy vlak van R141,5 miljard het die kwartaallikse gemiddelde van M3 in die vierde kwartaal van 1989 die boonste grens van die mikpuntperk met R6,3 miljard of met 4,7 persent oorskry.

Die volgehoue snelle groei in M3 in die loop van die vierde kwartaal van 1988 het tot gevolg gehad dat die maandeindwaardes van M3 reeds vanaf die einde van Desember 1988 bo die boonste grens van die mikpunt-"kegel" gelê het. Hierbenewens het die maandeindwaardes van M3 vanaf Februarie 1989 ook reeds bo die boonste grens van die nuwe mikpunt-"tonnel" gelê. Met uitsondering van April 1989 het hierdie oorskrydings van die mikpuntperke dwarsdeur die res van die mikpuntjaar voorgeduur.


Die inkome-omloopsnelheid van M3 het gedurende die mikpuntjaar per saldo afgeneem. Dit het gevolg op 'n soortgelyke daling (van 6,8 persent) in die omloopsnelheid van die vierde kwartaal van 1987 tot die vierde kwartaal van 1988. In teenstelling hiermee het M3 se omloopsnelheid in 1987 teen die vierde kwartaal van daardie jaar in slegs baie geringe mate (naamlik met 1,0 persent) teruggesak vanaf die hoogtepunt wat dit in die eerste kwartaal van 1987 bereik het.

Die bruto binnelandse produk teen heersende pryse het van die vierde kwartaal van 1988 tot die vierde kwartaal van 1989 met 16,5 persent gestyg. Die toename van 23,5 persent in M3 gedurende daardie periode, soos dit vir die doel van die mikpuntstelling bereken word, het derhalwe 'n afname in M3 se om-

loopsnelheid beteken van ongeveer 5,7 persent. Soos in vorige mikpuntjare het die toename in die "effektiewe" of "omloopsnelheid-aangepaste" M3-geldvoorraad (dit wil sê die toename in $M \times V$, wat per definisie gelyk moet wees aan die toename in die bruto binnelandse produk teen heersende pryse dit wil sê 16,5 persent in 1989) dus weereens naby die middelpunt van die mikpuntgebied van 14 tot 18 persent te lande gekom.

Die groei in M3 teen koerse wat die boonste grens van die mikpuntperk aanmerklik oorskry het, was tesame met die waargenome verloop van die inflasie, die toestand ten aansien van die betalingsbalans, die buitelandse reserwes en die wisselkoers en verskeie ander oorwegings, 'n faktor wat in 1989 vir die owerhede se beleidsmaatreëls as wegwyser gedien het. Die owerhede se beleidsoptrede het onder andere bestaan uit drie opwaartse hersienings van die Bankkoers gedurende die jaar en uit die ontegenoetkomende houding wat die Reserwebank deurgaans by sy verlening van herfinansieringsakkommodasie by die diskontovenster ingeneem het. Soos in vorige jare kon die waargenome verloop van M3 in verhouding tot sy mik-

Riglyne vir groei in M3



puntpad dus weer vir die private sektor van hulp ge-
blyk het by die formulering van verwagtings oor die
toekomstige beleidsingesteldheid van die monetêre
owerhede.

Nuwe riglyne van 11 tot 15 persent vir die koers van
toename in M3 tussen die vierde kwartaal van 1989 en
die vierde kwartaal van 1990 is op 23 Maart 1990 deur
die President van die Reserwebank aangekondig.
Die volledige verklaring van die President verskyn op
bladsy 79 van hierdie *Kwartaalblad*.

Kredietverlening deur monetêre instellings

Die koers van toename oor *twaalf maande* in die eise
van alle monetêre instellings teen die private sektor het
betreklik bestendig verlangsaam vanaf sy hoogtepunt
van 30,8 persent in Oktober 1988 tot 20,7 persent in
Desember 1989. Die koers van toename van *kwartaal
tot kwartaal* in die kwartaallike gemiddelde van
hierdie eise het, seisoensaangesuiwerd en teen 'n jaar-
koers, per saldo van hoogtepunte van heelwat meer
as 30 persent in die derde en die vierde kwartaal van
1988 tot 22,9 persent in die vierde kwartaal van 1989
teruggesak. Die deurgaans afwaartse neiging in hierdie
groeiakoers is egter ernstig versteur deur 'n abnormaal
lae vlak van die monetêre instellings se kredietverlening
aan die private sektor aan die einde van April 1989,
wat tot dusver nie bevredigend verklaar is nie. ('n
Soortgelyke toevallige element in die M3-geldvoorraad
aan die einde van April 1989 het ook 'n invloed gehad
op die verloop van die groeiakoers van M3 van kwartaal
tot kwartaal in die loop van 1989.) As gevolg van
hierdie versteuring het die groeiakoers van kwartaal tot
kwartaal in die geldskeppende instellings se eise teen
die private sektor in die tweede kwartaal van 1989 tot
slegs 12,8 persent teruggesak voordat dit, deels by
wyse van reaksie, in die daaropvolgende drie maande
weer tot 25,7 persent gestyg het.

Die afwaartse neiging in die koers van toename in die
krediet van die monetêre instellings aan die private
sektor in 1989 kon onder andere verklaar word aan die
hand van laer groeiakoerse in die bruto binnelandse pro-
duk en besteding teen heersende pryse, die dalende
totale waardes van die goedere-invoer en -uitvoer en

**Veranderings in monetêre instellings se eise teen die
binnelandse private sektor**
Januarie tot Desember 1989

	R miljarde	%
Wissels verdiskonteer	1,5	21,4
Beleggings	0,1	4,3
Huurkoopkrediet	3,2	25,7
Bruikhuurfinansiering	2,2	30,8
Verbandvoorskotte	8,9	19,6
Ander voorskotte	8,6	19,6
Totaal	24,6	20,7

die vermindering van reële voorrade in die tweede
halfte van 1989, 'n afname in die vraag na verband-
finansiering, en die toenemende traagheid onder huis-
houdings om nuwe skuldverpigtings aan te gaan, en is
ook aangehelp deur die betreklik hoë vlak van die
rentekoerse in die huidige vroeë konsolidasiefase van
die konjunkturgolf en deur die strenger maatstawwe
wat tans deur monetêre instellings by die toestaan van
nuwe kredietgeriewe toegepas word.

Teenoor hierdie verskeie omstandighede wat 'n ver-
langsaming van die nuwe kredietverlening in die hand
gework het, het onder andere gestaan dat die likwidite-
it van korporatiewe leners in die jongste aantal
kwartale laer was as in 1987 of 1988. Hierbenewens
kon huishoudings hulle by geleentheid "gehoop" ge-
voel het om – byvoorbeeld vanweë die druk wat deur
beduidend hoër maandelikse verbandpaaielemente op
die gesinsbegroting geplaas is – in verhoogde mate
van persoonlike oortrokke-rekenings- of kredietkaart-
fasiliteite gebruik te maak.

Terselfdertyd is die vlak van die gemete kredietver-
lening ondersteun deur die verskillende herintermedië-
ringsverskynsels wat ook die groeiakoers van die M3-
geldvoorraad op 'n hoë peil gehou het. Indien aanvaar
kan word dat herintermediasie verantwoordelik was vir
die marge waarmee die toenamekoers in die gemete
uitstaande kredietverlening gedurende die afgelope

**Eise van monetêre instellings teen binnelandse
private sektor**



Duursame verbruiksgoedere en monetêre huurkoop- en bruikhuurkredietverlening



aantal kalenderkwartale die groeikoers in die nominale bruto binnelandse produk oorskry het, sou die her-intermediêringsverskynsels ook verantwoordelik wees vir nagenoeg 4,7 persentasiepunte of vir meer as een- vyfde van die styging van 21,2 persent wat van die vierde kwartaal van 1988 tot die vierde kwartaal van 1989 in die kwartaallikse gemiddelde van die monetêre instellings se eise teen die private sektor aangeteken is.

'n Ontleding volgens *soorte* krediet van die toename van R24,6 miljard in die eise van die geldskeppende instellings teen die private sektor van die einde van Desember 1988 tot die einde van Desember 1989 toon dat stygings in hierdie instellings se verbandvoorskotte en in "ander" voorskotte elk meer as een-derde tot die totale toename in hierdie eise bygedra het. Vinniger *koerse* van toename is egter deur huurkoop- en bruikhuurkrediet aan die dag gelê.

Die totaal van huurkoopkrediet en bruikhuurfinansiering het in die vierde kwartaal van 1989 met R1,1 miljard gestyg nadat dit in die voorafgaande drie kwartale met R1,4 miljard, R1,4 miljard en R1,5 miljard toegeneem het. Die mate van die verlengsaming in die vierde kwartaal word natuurlik nog meer betekenisvol indien 'n aanpassing vir inflasie gemaak word. Die tempo van die verlening van nuwe verbandfinansiering het insgelyks gedurende die jaar verlengsaam: die kwartaallikse toename in hierdie soort krediet het van R2,6 miljard in elk van die eerste twee kwartale van 1989 tot R1,9 miljard in elk van die laaste twee kwartale afgeneem.


Reserwebankoptrede in die geldmark

Die toestand op die geldmark, soos dit aan die hand van die mark se behoefte aan Reserwebankakkom-

modasie gemeet word, het in die loop van 1989 aansienlik strammer geword en gedurende die eerste twee maande van 1990 knap gebly. Die gemiddelde daaglikse vlak van die Bank se akkommodasie aan die mark by die diskontovenster het in die eerste helfte van 1989 R1,8 miljard bedra maar tot R3,3 miljard in die derde kwartaal en R3,8 miljard in die vierde kwartaal van 1989 en tot onderskeidelik R4,8 miljard en R3,9 miljard in Januarie en Februarie 1990 gestyg. Hoogtepunte van R4,8 miljard, R5,4 miljard en R5,5 miljard is onderskeidelik op 23 Desember 1989, 10 Januarie 1990 en 31 Januarie 1990 in die akkommodasie by die venster aangeteken. Reël gesproke was hierdie bedrae egter nog steeds kleiner as die bedrag van R2,8 miljard wat op 5 Julie 1984 aangeteken is en wat by die tans heersende pryspeile meer as R6 miljard sou beloop het.

Rekeningkundig beskou kon die mark se tekorte tot en met Desember en in die begin van Januarie verklaar word aan die hand van periodieke dalings in die netto goud- en ander buitelandse reserwes, die hoë en stygende vlak van die regeringsdeposito's by die Reserwebank, en die baie groot seisoenstygings in die bedrag aan banknote in omloop gedurende die vakansietydperk in Desember. Die gemiddelde daaglikse bedrag van die banknote in omloop het van R7,9 miljard in November 1989 tot R9,4 miljard in Desember gestyg; op 21 Desember het die note-omloop alle vorige rekords geslaan toe dit 'n dag-hoogtepunt van R9,8 miljard bereik het. Daarna het die daaglikse gemiddelde van die note in omloop tot R8,1 miljard in Januarie 1990 en R7,9 miljard in Februarie teruggesak.

Oornaglenings



Die meer onlangse tekorte op die geldmark het nog steeds in noue verband gestaan met die hoë maar skommelende vlak van die regeringsdeposito's by die Reserwebank. Gedurende sowel Januarie as Februarie 1990 is die tekorte egter in wesenlike mate verlig deur aanmerklike stygings in die Reserwebank se netto goud- en ander buitelandse reserves.

Bystand in ander vorms as herfinansiering by die diskontovenster is veral gedurende die tydperk van 27 Desember 1989 tot 15 Januarie 1990 en weer vanaf 22 Januarie tot in Februarie aan die mark toegestaan; bystand in party van hierdie vorms is egter op 'n meer deurlopende grondslag verleen of herhaaldelik omgerol. Voorbeelde van hierdie soorte bystand was die aankoop van bates met kort onverstreke looptye (het-sy regstreeks of onder terugkoop-ooreenkomste) deur die Korporasie vir Openbare Deposito's, aankope van geldmarkbates deur die Openbare Beleggingskommissaris, en die plasing by bankinstellings van deposito's wat normaalweg by die KOD gehou sou gewees het. Die bedrag aan oornaglenings aan bankinstellings (wat gebruik word as 'n minder aantreklike aanvulling van vensterakkommodasie in die vorm van herdiskontering van wissels) het nietemin van 'n daaglikse gemiddelde van R75 miljoen in 1989 tot R492 miljoen in Januarie 1990 en R304 miljoen in Februarie gestyg.


Die netto verkope van staatseffekte deur die Reserwebank gedurende die vierde kwartaal van 1989 het R1,4 miljard bedra. Vanaf 1 Januarie 1990 tot 28 Februarie 1990 is verdere verkope van R0,6 miljard aangegaan. 'n Deel van die opbrengs van hierdie verkope is gedeponeer op die stabilisasierekening wat in September 1989 opnuut in die lewe geroep is.

Geldmarkrentekoerse

Die rentekoerse op die geldmark het hulle aangepas by die Bankkoers wat op 11 Oktober 1989 van 17 tot 18 persent verhoog is. Die koers op likwiede bankaksepte van drie maande het gestyg van 17,35 persent onmiddellik voor hierdie Bankkoersverhoging tot 18,35 persent onmiddellik daarna. Gedurende die res van 1989 het die koers op aksepte van 3 maande tussen 'n hoogtepunt van 18,80 persent (van 18 tot 21 November) en 'n laagtepunt van 18,25 persent (op 13 Desember) geskommel; oor die maandeinde van Desember het dit 18,35 persent bedra. Onder die stram likwiditeitstoestande wat in die begin van 1990 geheers het, het hierdie koers vervolgens oor die maandeinde van Januarie tot 18,70 persent gestyg voordat dit, weer effens, naamlik tot 18,40 persent teen die middel van Februarie en tot 18,50 persent oor die maandeinde van Februarie, gedaal het.

Ná die aankondiging deur die Reserwebank van strafkoerse van tot 22,75 persent op akkommodasie in die vorm van oornaglenings, wat vanaf 11 Oktober 1989 van krag geword het, het die koerse op interbankfond-

Korttermynrentekoerse




se en groot daggelddeposito's skerp gestyg as die koerse op ander geldmarkinstrumente met ietwat langer looptye. Die daggeldkoers van die diskontohuise het byvoorbeeld van 18,50 persent aan die einde van September 1989 tot 21,25 persent oor elk van die daaropvolgende vier maandeindes verstewig, maar vervolgens weer effens teruggesak, naamlik tot 20,00 persent aan die einde van Februarie 1990. Die opbrengskromme vir geldmarkinstrumente het op basis van die kombinasie van die strafkoerse op akkommodasie in die vorm van oornaglenings en van die deurgaans hoë vlak van die geldmarktekorte, 'n nog sterker afwaartse helling begin toon.

Kapitaalmarkontwikkelings

Die handelsbedrywigheid op die kapitaalmarkte, wat reeds in die derde kwartaal van 1989 kragtig herstel het, het in die vierde kwartaal van 1989 en die eerste twee maande van 1990 oor die algemeen nog weer aansienlike verdere toenames getoon. Betekenisvolle verdere stygings is in die pryse van aandele op die Johannesburgse Effektebeurs aangeteken. 'n Klein verdere styging het ook in die waarde van vaste-eien-domstransaksies voorgekom.

Die waarde van die *effekte van die openbare sektor* wat op die effektebeurs verhandel is, het in die vierde kwartaal van 1989 met 13 persent tot 'n nuwe rekordvlak van R58,1 miljard gestyg vanaf die vorige rekordvlak van R51,5 miljard wat in die derde kwartaal aange-teken is. Die gemiddelde maandelikse omset van hierdie effekte het in Januarie en Februarie 1990 verder toege-


Effektebeurstransaksies



neem tot 'n totaal ongeëwenaarde R29,1 miljard, vanaf sowat R19,4 miljard in die vierde kwartaal van 1989.


Die waarde van die *aandele* wat op die effektebeurs verhandel is, het van R5,3 miljard in die derde kwartaal van 1989 tot R6,2 miljard in die vierde kwartaal toegeneem en daardeur vir die eerste maal die vorige kwartaallikse rekordbedrag (van R5,9 miljard) wat in die derde kwartaal van 1987 aangeteken is, verbygesteek. Daarná het die gemiddelde maandelikse omset verder toegeneem van bykans R2,1 miljard in die vierde kwartaal van 1989 tot R2,9 miljard in Januarie en Februarie 1990.

Effektebeurstransaksies



Die *netto aankope* deur *nie-inwoners* van effekte van die openbare sektor op die Johannesburgse Effektebeurs het van R1,2 miljard in die derde kwartaal van 1989 tot R0,9 miljard in die vierde kwartaal afgeneem. Die totale netto aankope van sulke effekte deur *nie-inwoners* het in die loop van 1989 op R2,9 miljard te staan gekom. Verdere aankope tot 'n netto bedrag van R0,5 miljard is in Januarie-Februarie 1990 gedoen.

Johannesburgse Effektebeurs: Netto aankope deur nie-inwoners



Die *netto verkope* deur *nie-inwoners* van aandele het op soortgelyke wyse van R1,3 miljard in die derde kwartaal van 1989 tot R0,5 miljard in die vierde kwartaal gedaal. Die totale bedrag van sodanige verkope deur *nie-inwoners* het in die loop van 1989 ongeveer R3,4 miljard bedra. Gedurende Januarie-Februarie 1990 het buitelandse beleggers sowel die lewenskragtige toestand op die Suid-Afrikaanse aandelemark as die heersende betreklike sterkte van die finansiële rand te baat geneem. Die netto bedrag van die verkope van aandele wat *nie-inwoners* gedurende hierdie twee maande *via* lede van die Effektebeurs bewerkstellig het, het R1,9 miljard beloop.

Die gemiddelde *prysvlak* van alle klasse aandele, wat in die derde kwartaal van 1989 met 9 persent gestyg het, het in die vierde kwartaal met 'n verdere 7 persent en in Januarie-Februarie 1990 met 5 persent toegeneem. Hierdie verdere stygings in die algemene vlak van die aandelepryse was hoofsaaklik die gevolg van stygings in die pryse van finansiële en goudmyn-aandele wat in die vierde kwartaal van 1989 onderskeidelik 3 persent en nie minder nie as 34 persent beloop

het; die pryse van goudmynaandele het in Januarie 1990 vervolgens nog effens verder gestyg maar in Februarie met 5 persent teruggesak, terwyl die pryse van finansiële aandeel in Januarie-Februarie met 'n verdere 8 persent opbeweeg het. In teenstelling hiermee het die gemiddelde prysvlak van nywerheids- en handelsaandeel in die vierde kwartaal van 1989 met 8 persent *gedaal*; in Januarie-Februarie het dit egter met 13 persent herstel. Die volgehoue betreklik sterk stygsentiment in groot dele van die aandelemark teen die einde van 1989 en in die begin van 1990 en die onderliggende oorsake daarvan (soos die feit dat die goudprys vanaf laat in November 1989 tot bo die vlak van \$400 gestyg het, ietwat meer optimistiese inflasieverwagtings, 'n gees van groter ontspannenheid op maatskaplik-politieke gebied, en 'n aanmerklike daling in die langtermynrentekoerse) het ook 'n rol daarin gespeel om die sakevertroue en die gemoedstoestand van verbruikers op 'n redelik hoë peil te hou en het

sodoende bygedra tot die "sagtheid" van die "landing" van die ekonomiese bedrywigheid in die vierde kwartaal en die begin van die vyfde kwartaal van die huidige konsolidasiefase.


Die gemiddelde prysvlakke van goudmynaandeel, nywerheids- en handelsaandeel en "alle klasse" aandeel was, ondanks die lewendige toestand van die aandelemark in die vierde kwartaal van 1989, in Desember 1989 nog steeds onderskeidelik 12, 10 en 2 persent laer as by die onderskeie hoogtepunte daarvan in September 1987. Verdere stygings van onderskeidelik 2, 8 en 6 persent is egter gedurende Januarie 1990 in die gemiddelde pryse van goudmynaandeel, nywerheids- en handelsaandeel en finansiële aandeel aangeteken. As gevolg hiervan het die gemiddelde pryse van finansiële aandeel en "alle aandeel" hul vorige rekordvlakke van September 1987 in Januarie 1990 met 9, en 2 persent oorskry.

'n Netto *terugbetaling* van R0,8 miljard in effekte van die openbare sektor is in die vierde kwartaal van 1989 in die primêre mark aan banke en private nie-bankbeleggers gemaak, in vergelyking met netto nuwe uitgiftes ten bedrae van R3,0 miljard in die derde kwartaal. *Private maatskappye*, wat in die derde kwartaal van 1989 'n totaal van R156 miljoen deur middel van nuwe uitgiftes van vaste-rentedraende effekte opgeneem het, het in die vierde kwartaal 'n bedrag van R111 miljoen aan sodanige effekte uitgereik. Uitgiftes van gewone aandeel deur private maatskappye het van R2,1 miljard in die derde kwartaal tot R5,3 miljard in die vierde kwartaal toegeneem. Hierdie skerp toename was egter hoofsaaklik die gevolg van die privatiseringsuitgifte van R3,1 miljard deur Yskor Beperk, wat op 8 November genoteer is.

In die *verbandmark* het die bedrag van die bouverenigings se verbandleningsuitbetalings, wat van 'n rekordvlak van R2,7 miljard in die derde kwartaal van 1988 tot R1,4 miljard in die derde kwartaal van 1989 gedaal het, effens herstel tot R1,5 miljard in die vierde kwartaal. Die toename in die bouverenigings se totale *besit* aan verbandlenings, wat in die derde kwartaal van 1989 R0,5 miljard bedra het, het in die vierde kwartaal ook weer op daardie vlak te staan gekom. In teenstelling hiermee het die toename in die *bankinstellings* se besit aan verbandlenings (wat sedert die begin van 1988 op 'n kwartaalbasis deurgaans groter was as die toenames in die bouverenigings se besit) taamlik aansienlik van R1,0 miljard in die derde kwartaal van 1989 tot R0,8 miljard in die vierde kwartaal teruggesak.

Die waarde van transaksies in *vaste eiendom* het (volgens die geldelike bedrae daarvan) van die derde kwartaal van 1986 tot die vierde kwartaal van 1988 bykans verdubbel, maar in die eerste kwartaal van 1989 skynbaar 'n *kruin* bereik (op 'n vlak van R4,8 miljard). Daarná het dit egter weer tot nuwe rekordbedrae van R5,3 miljard in die tweede kwartaal, R5,4 miljard in die derde kwartaal en R5,6 miljard in die vierde kwartaal van 1989 toegeneem.

JE-Aktuarisse indekse en goudprys



Opbrengs- en rentekoerse

Die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte, wat van 17,4 persent in Mei 1989 tot 16,8 persent in September gedaal het, het in Oktober, gedeeltelik onder die invloed van die Bankkoersverhoging van 11 Oktober, weer effens tot 16,9 persent verstewig. Verskeie faktore – soos die feit dat die Sentrale Regering se leenprogram vir begrotingsdoelendes in die fiskale jaar 1989/90 reeds afgehandel was, die sterker dollarprys van goud en die stewiger eksterne posisie van die Suid-Afrikaanse ekonomie in die algemeen, gunstiger buitelandse persepsies van die huidige en toekomstige gebeure in Suid-Afrika op maatskaplik-politieke gebied, nie-inwoners se aanmerklik verhoogde belangstelling in Suid-Afrikaanse effekte, en gunstiger sienings van die inflasiekoers op die ietwat langer termyn – het vervolgens meegebring dat hierdie koers aanmerklik, naamlik tot 15,8 persent in Desember en tot 15,5 persent in Januarie 1990, teruggesak het. In Februarie het hierdie koers egter weer effens gestyg tot 15,6 persent op grond van die mark se onsekerheid oor potensiele politieke-ekonomiese ontwikkelings op langer termyn.

Langtermynrente- en -opbrengskoerse



Die verdere herstel van die aandelepryse in die vierde kwartaal van 1989 het nie verhinder dat die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op alle klasse aandele, hoofsaaklik op grond van die verbeterde finansiële resultate van nywerheidsmaatskappye in die besonder, verder van 5,2 persent in September 1989 tot 5,7 persent in Desember gestyg het nie. Daarná het die gemiddelde dividendopbrengskoers egter tot 5,5 persent in Februarie 1990 gedaal. Die gemiddelde *verdiens*-opbrengskoers op nywerheidsaandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is, het aansienlik verstewig van 14,5 persent in September 1989 tot 21,2 persent in Desember, maar in Februarie 1990 tot 20,7 persent teruggesak.

Die bouverenigings se oorheersende behuisingsverbandkoers, wat in Junie 1989 tot 19,75 persent verhoog is, is in die daaropvolgende vier maande op daardie vlak gehandhaaf. Ná die Bankkoersverhoging van 11 Oktober is hierdie koers in Oktober verhoog tot 20,75 persent, wat in die geval van nuwe lenings onmiddellik en in die geval van bestaande lenings vanaf 1 Desember 1989 van krag geword het.

Die oorheersende rentekoers op deposito's van twaalf maande by die banke en die bouverenigings, wat as verteenwoordigend van depositokoerse in die algemeen beskou word, is eweneens in die voetspore van die Bankkoersverhoging van 11 Oktober van 16,5 persent tot 17,0 persent verhoog.

Staatsfinansies

Resultaat van die Sentrale Regering se Begroting vir die fiskale jaar 1989/90

Die belangrikste kenmerke van die verwagte uitslag van die Sentrale Regering se Begroting vir die fiskale jaar 1989/90, waarvoor die Minister van Finansies in sy Begrotingsrede van 14 Maart 1990 verslag gedoen het, was in die eerste plek die hoë mate van dissipline wat gedurende die jaar deur die owerhede oor die owerheidsbesteding uitgeoefen is. Dit sou tot gevolg hê dat die werklike totale besteding in die fiskale jaar 1989/90 baie ná aan die oorspronklike Begrotingsramings sou wees. In die tweede plek is die staatsinkomste in 'n ongewoon hoë mate onderskat. Gesamentlik sou hierdie twee kenmerke lei tot 'n uiteindelijke tekort voor lenings en skuldaflissing vir die fiskale jaar 1989/90 in sy geheel wat heelwat kleiner sou wees as wat in die Begrotingsrede van Maart 1989 in die vooruitsig gestel is. Terselfdertyd was die werklike invloed van die Sentrale Regering se fiskale optrede op die ekonomie in 1989/90 aansienlik meer beperkend as wat in die Begrotingsvoorstelle van Maart 1989 óf beoog óf voorsien is. In werklikheid is destyds selfs verwag dat hierdie voorstelle 'n ligte ekspansionistiese uitwerking op die toentertyd bestaande en verwagte saketoestand sou hê.


Die skatkisuitreikings aan staatsdepartemente in die fiskale jaar 1989/90 sou volgens die ramings van die Minister uiteindelik R65 181 miljoen beloop. Dit sou slegs 1,8 persent hoër wees as die raming van die totale besteding van R64 017 miljoen in die Begroting

van Maart 1989, en sou 'n onbeduidende R164 miljoen of 0,3 persent, meer wees as die besteding waarvoor daar in die Begroting voorsiening gemaak is nadat die bykomende bedrag van R1 000 miljoen wat vir onvoorsiene bestedingsbehoeftes toegelaat is, by die ramings ingesluit is. Die omvang van hierdie oorbesteding kon vergelyk word met oorbesteding wat in die fiskale jaar 1988/89 5,1 persent beloop het van die besteding waarvoor oorspronklik begroot is, en met 'n gemiddelde "oorbestedingsverhouding" van 6,5 persent in die vyf fiskale jare van 1984/85 tot 1988/89. Die styging in die staatsbesteding van jaar tot jaar sou in die fiskale jaar 1989/90 15,2 persent beloop. Dit het beteken dat die besteding reël of ná aansuiwering vir die inflasie met slegs 0,1 persent toegeneem het.


Die totale inkomste-*invorderings* in die fiskale jaar 1989/90 sou volgens die Minister se ramings uiteindelik R61 385 miljoen bedra. Dit sou die oorspronklike begrotingsramings met 'n baie groot bedrag van R6 317 miljoen, of met bykans 11,5 persent, oorskry. Dit sou ook die staatsinkomste in die fiskale jaar 1988/89 met 'n ongeëwenaarde 27,3 persent, of reël gesproke met nie minder nie as 10,6 persent, te bowe gaan.

Aanmerklike oorskrydings van die verwagte werklike inkomste-ontvangste bo die oorspronklike Begrotingsramings is sowel in die doeane- en aksynsregte as in die ontvangste van binnelandse inkomste aangeteken.

Reële staatsinkomste en -besteding



Skatkisrekening



Inkomste-invorderings in 1989/90

	Begroting ¹		Verwagte invorderings	
	R miljoene	Persentasie-verandering ²	R miljoene	Persentasie-verandering ²
Mynmaatskappye	2 467	-19,5	2 671	-12,9
Nie-mynboumaatskappye	9 500	16,8	11 001	35,3
Individue	16 710	15,7	19 558	35,5
Algemene verkoopbelasting	16 300	25,7	16 480	27,0
Doeane- en aksynsregte	7 320	5,0	8 764	25,7
Ander invorderings	2 771	5,4	2 911	10,7
Totale inkomste-invorderings	55 068	14,2	61 385	27,3

¹ Begrotingsramings soos in die Begrotingsrede van 15 Maart 1989 aangebied.

² In vergelyking met werklike invorderings gedurende die fiskale jaar 1988/89.


Die Minister het verwag dat die ontvangste van doeane- en aksynsregte die Begrotingsramings met R1 444 miljoen (dit wil sê met sowat 19,7 persent) sou oorskry en naasteby 'n kwart hoër sou wees as in die voorafgaande fiskale jaar. Dit kon hoofsaaklik toegeskryf word aan groter as verwagte ontvangste uit die brandstofheffing, die bo-belasting op invoergoedere, en doeaneregte in die algemeen. Die verwagte ontvangste uit aksynsregte sou daarenteen moontlik effens minder wees as wat in die Begrotingsramings voorsien is.

Die ontvangste uit binnelandse inkomste sou die Begrotingsramings na verwagting met nie minder nie as R4 873 miljoen (dit wil sê met sowat 10,2 persent) oorskry en 'n aansienlike 27,6 persent hoër wees as die werklike ontvangste in die fiskale jaar 1988/89. Met uitsondering van die inkomste vanaf goudmynmaatskappye, is verwag dat die inkomste-ontvangste in al die belangrikste onderafdelings van die binnelandse inkomste uiteindelik heelwat hoër sou wees as die

Begrotingsramings. In die besonder wat die ontvangste aan inkomstebelasting vanaf individue en vanaf nie-mynboumaatskappye betref, is verwag dat hierdie ontvangste in die Begroting van Maart 1989 met bedrae van onderskeidelik sowat R2 848 miljoen en R1 501 miljoen onderskat is.

Ooreenkomstig die verwagte resultate ten opsigte van sowel die staatsbesteding as die staatsinkomste, het die Minister geraam dat die tekort voor lenings en skuldaflossing vir die fiskale jaar 1989/90 op slegs R3 796 miljoen te staan sou kom, wat gelyk sou wees aan 'n skrale 1,5 persent van die geskatte bruto binnelandse produk gedurende die betrokke vier kalenderkwartale. Dit kon vergelyk word met die werklike tekort van R8 395 miljoen (4,0 persent van die bruto binnelandse produk) in die fiskale jaar 1988/89 en met die tekort van R9 949 miljoen (4,1 persent van die destyds verwagte bruto binnelandse produk) wat in die Begroting van Maart 1989 vir die fiskale jaar 1989/90 in die vooruitsig gestel is. Die tekort van R3 796 miljoen wat volgens die Minister te verwagte was, sou soos volg gefinansier word:

Skatkistekort*



	R miljoene
Staatseffekte (netto)	7 080
Nie-bemerkbare lenings (netto)	-800
Buitelandse lenings ¹ (netto)	-155
Leningsheffing	700
Gebruik van beskikbare kontantsaldo's ²	936
Oordragte na:	
Staatspensioenfondse	-1 000
Reserwebank (m.b.t. tekorte op termynvalutatransaksies)	-3 000
Fonds vir sosio-ekonomiese aksies	-2 000
Ander (insluitende die Stabilisasierekening)	-970
Verkoop van bates (opbrengs uit privatisering)	3 005
Totaal	3 796

¹ Met inbegrip van fondse uit buitelandse deposito's wat by die OBK gehou word.

² Toename -; afname +.

Die 1990/91-Begroting van die Sentrale Regering

In sy voorlegging van die Begroting van die Sentrale Regering vir 1990/91 aan die Parlement op 14 Maart 1990, het die Minister van Finansies verklaar dat hierdie Begroting, en die begrotings vir die volgende paar jaar, aan drie breë doelstellings of beleidsoorwegings sou moes voldoen. In die eerste plek sou strukturele veranderinge in die Suid-Afrikaanse ekonomie aangebring moes word, met die doel om die lewenspeil van die hele Suid-Afrikaanse bevolking wesenlik te verhoog. In hierdie herstruktureringproses sou die private sektor erken moes word as die belangrikste bron van ekonomiese groei, en faktore wat die inkomste- en werkgeleenthedskleppende vermoëns van hierdie sektor sou kon versterk, sou sover moontlik bevorder moes word. Spesiale aandag sou aan die bekamping van inflasie en aan die verligting van tekorte aan opgeleide mannekrag en kapitaal geskenk moes word. Heelwat aandag sou gevolglik gewy moes word aan die "aanbod"- of produksiekant van die ekonomie, asook aan verkleining van die openbare sektor en aan verhoging van die doeltreffendheid daarvan.

In die tweede plek sou daar hoër voorrang as voorheen verleen moes word aan die dringende maatskaplik-ekonomiese vraagstukke van armoede en van "agterstande" in onderwys en opleiding, behuising, getletterdheid en basiese gesondheidsbehoefte. Fiskale dissipline sou egter in hierdie proses gehandhaaf moes word.

In die derde plek sou die makro-ekonomiese fiskale beleid, wat die korttermyn-aspekte daarvan betref, nog steeds op stabilisering van die ekonomiese bedrywigheid in die loop van die konjunkturgolf gemik moes word. Die klem in 'n sodanige aktiewe stabilisasiebeleid, sou egter in verhoogde mate op die owerheid se skuld- en leningsbedrywighede geplaas word. Aanpassings in die owerheidsinkomste en -besteding sou in verhoogde mate diensbaar gemaak moes word aan die doelstellings van ekonomiese herstrukturering en van maatskaplik-ekonomiese ontwikkeling.

Met betrekking tot die Begroting se breë tweeledige oogmerk om, ten eerste, stabiele ekonomiese groei op die lang termyn maksimaal aan te moedig en, ten tweede, om armoede en ontbering te verlig, het die Minister verklaar dat die vermoëns van die ontwikkelde of "formele" sektor van die ekonomie om nuwe en beter geleenthede vir die ontwikkelende of "informele" sektor te skep, in die hoogste moontlike mate versterk behoort te word. Met hierdie doel voor oë sou die inkomstekant van die Begroting – nie in die laaste plek nie deur verligting van veral die las van persoonlike inkomstebelasting – as die mees gepaste terrein beskou word om besparing, investering en ondernemerskap te bevorder. In teenstelling hiermee sou daar aan die inkomstekant van die Begroting min gedoen kon word wat nie alreeds gedoen was nie om die fiskale las op die minder welgestelde deel van die Suid-Afrikaanse be-

volking te verlig. Vir hierdie bevolkingsgroepe sou daar derhalwe in die Begroting se voorgestelde *bestedings*-planne die maksimum moontlike voorsiening gemaak word.


Wat die besonderhede van die Regering se voorgestelde fiskale maatreëls betref, het die Minister nogmaals verklaar dat die Regering daartoe verbind is om die belasting op individue en maatskappye te verminder, om die doeltreffende benutting van arbeid en kapitaal deur die instelling van ander gepaste belastinghervormings te bevorder, om die Begrotingstekort te verminder tot vlakke wat nie 3 persent van die bruto binnelandse produk sal oorskry nie en om dit uiteindelik af te bring tot vlakke waar ontsparing deur die staat nie verder sal voorkom nie, om die aandeel van die staatsbesteding in die ekonomie in sy geheel kleiner te maak, om verhoogde nadruk op maatskaplik-ekonomiese ontwikkeling te plaas, en om "korporatisering, privatisering en deregulering" te bevorder. By die nastrewing van hierdie verskeie oogmerke en doelstellings, moes die Begroting vir die fiskale jaar 1990/91 beskou word as die eerste stap in 'n program van fiskale hervorming wat oor vyf jaar sou strek.

Teen die agtergrond van hierdie beleidsvoornemens, het die Minister begroot vir totale staatsbesteding in die fiskale jaar 1990/91 tot 'n bedrag van R72 932 miljoen. Ingesluit by hierdie bedrag was 'n "gebeurlikheidsreserwe" vir onvoorsiene uitgawes van R1 000 miljoen; *nie* by hierdie bedrag ingesluit nie was die te verwagte bestedings uit 'n spesiale kapitaalfonds (wat R2 000 miljoen sou beloop) wat uit die Regering se leningsoorskot van die fiskale jaar 1989/90 geskep sou word met die spesifieke doel om "agterstande" ten aansien van die maatskaplik-ekonomiese omstandighede en ontwikkeling onder die verskillende bevolkingsgroepe in die land by te werk. Die beoogde stigting van hierdie fonds is deur die Minister van Finansies in sy Begrotingsrede aangekondig; besonderhede aangaande die bestuur, doel en werkwyse van die fonds is egter op 16 Maart deur die Staatspresident bekend gemaak. In sy verklaring van 16 Maart het die Staatspresident aangekondig dat 'n verdere R1 000 miljoen uit die verwagte opbrengs van die privatisering van sakeondernemings van die Sentrale Regering wat vir privatisering in aamerking kom, aan die fonds beskikbaar gestel sou word.

Aan die inkomstekant van die Begroting het die Minister voorsiening gemaak vir totale *inkomste-ontvangste* in die fiskale jaar 1990/91, ten bedrae van R64 938 miljoen, wat 'n toename van slegs R3 553 miljoen of 5,8 persent teenoor die fiskale jaar 1989/90 sou beteken. Omdat hierdie betreklik klein persentasietoename aansienlik laer sou wees as die verwagte inflasiekoers, sou dit reël gesproke, dit wil sê ná aansuiwering vir die inflasie, 'n belangrike vermindering van die totale inkomste behels.

Die belangriker belastingvoorstelle wat in die Begroting vir 1990/91 vervat is, het bestaan uit 'n verhoging

Marginale belasting skaal vir getroude mans



van die doeane- en aksynsregte op drank en tabakprodukte; die afskaffing van die *ad valorem*-doeane- en aksynsreg op juweliersware; die verlaging van die bo-belastingkoerse op ingevoerde goedere met een-derde of 'n kwart (naamlik van 60, 20, 15 en 10 persent tot 40, 15, 10 en 7,5 persent), as 'n eerste stap in die rigting van die uiteindelijke afskaffing daarvan; 'n verhoging van die belasting op byvoordele ten opsigte van die gebruik van maatskappymotors en van gesubsidieerde lenings deur werkgewers aan werknemers; die vrystelling van normale inkomstebelastingpligtigheid van 'n verdere R1 000 aan inkomste-ontvangste van individue in die vorm van rente en bouverenigingdividende; die vrystelling van normale inkomstebelasting van alle ander dividendinkomste in die hande van individue en beslote korporasies; bykomende kortings vir bejaardes; verdere stappe in die rigting van die afsonderlike belasting van getroude vroue; en 'n aansienlike verlaging van die persoonlike inkomstebelasting, hoofsaaklik deur verhogings van die primêre belastingkortings vir getroude manlike en ongetroude belastingbetalers, verlaging van die gemiddelde belastingkoerse wat op die laer- en middelinkomstegroepe van toepassing is, en 'n verlaging van die maksimum marginale koers van die persoonlike inkomstebelasting van 45 tot 44 persent. Die nuwe belastingkale ingevolge laasgenoemde voorstel is sodanig gestruktureer dat die "blokkruiping" wat andersins in die fiskale jaar 1990/91 ondervind sou word, grotendeels uitgeskakel is; die verlaging van die maksimum marginale belastingkoers tot 44 persent kon gesien word as die eerste stap in die rigting van die verlaging van hierdie koers tot 40 persent oor 'n periode van vyf jaar.

Verdere belastingvoorstelle wat in die Begroting vervat is, het bestaan uit 'n hersiening van die geïmpliseerde omskrywing van die begrip "kapitaalswinst" deur die begrip van 'n "veilige toevlugsoord" in te voer, met

die doel om enige winste wat verkry word uit die verkoop van aandele wat vir langer as 10 jaar gehou is, van inkomstebelastingpligtigheid uit te sluit; die geleidelike uitskuiwing van sekere sogenaamde "belastinguitgawes", waaronder byvoorbeeld die belastingvermindering ten opsigte van die koste wat aan die opleiding van werknemers verbonde is; veranderings in die omskrywing van handelsvoorrade met betrekking tot verbruiksvoorrade en reserwede, en met betrekking tot onvoltooide werk in die konstruksiebedryf; en 'n gedeeltelike opheffing van die reserwes wat uit die LIEU-metode van voorraadwaardering ontstaan het.

Die tekort voor lenings en skuldaflissing wat deur die Minister vir die fiskale jaar 1990/91 in die vooruitsig gestel is, het R7 994 miljoen bedra, of ongeveer 2,8 persent van die verwagte bruto binnelandse produk in die nuwe fiskale jaar. Met voorgestelde kapitaalbesteding van R5 113 miljoen, het die verwagte grootte van hierdie tekort beteken dat die Sentrale Regering weer eens van ontsparing sou gebruik maak, wat (op basis van die volle fiskale jaar) R2 881 miljoen sou beloop. Die begrote inkomste, besteding en tekort, en die voorgestelde wyse van finansiering van die tekort, word in die bygaande tabel saamgevat.

Die 1990/91-begroting van die Sentrale Regering

	R miljoene
Inkomste	64 938
Besteding	72 932
Tekort (voor lenings en skuldaflissing)	7 994
Finansiering (uitgesonderd skuldaflissing):	
Staatseffekte-uitgifte (netto)	8 021
Nie-bemerkbare lenings (netto)	-175
Skuldstilstand en buitelandse fondse (netto)	174
Beskikbare saldo's ¹	-26
Totaal	7 994

¹ Toename -; afname +.

Poskantoorbegroting vir 1990/91

In die Poskantoorbegroting vir 1990/91, wat op 26 Februarie 1990 in die Parlement ter tafel gelê is, is die bedryfsuitgawes van die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese in die nuwe boekjaar op R6 117 miljoen geraam. Dit sou 'n toename van R830 miljoen of ongeveer 15,7 persent beteken teenoor die uitgawes van die voorafgaande jaar. Ander uitgawes gedurende 1990/91 sou 'n verdere R233 miljoen bedra. 'n Gemiddelde verhoging van 4,1 persent van sekere pos- en telekommunikasietariewe is aangekondig. Die bedryfsinkomste vir 1990/91 sou dienooreenkomstig R6 629 miljoen beloop, wat 'n bedryfsurplus van ongeveer R279 miljoen sou meebring. Die kapitaalbe-

steding is op R1 739 miljoen geraam, wat 6,5 persent meer sou wees as in 1989/90.

Suid-Afrikaanse Vervoerdienste

As gevolg van die korporatisering van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste vanaf 1 April 1990, is die wetlike opvolger daarvan, naamlik Transnet Beperk ('n maatskappy wat kragtens die Maatskappywet geregistreer is), vrygestel van die verpligting om 'n jaarlikse begroting vir parlementêre goedkeuring aan die Parlement voor te lê. Soortgelyke reëlins is van toepassing op die Suid-Afrikaanse Spoorpendelkorporasie Beperk, waarvan die bates en dienste deur Transnet Beperk hanteer sal word kragtens 'n bedryfsooreenkoms wat tussen hierdie twee organisasies aangegaan is. Verliese wat deur die Spoorpendelkorporasie gely sou kon word, sal deur die Regering goedgemaak word. Slegs die jaarlikse rekeningkundige en finansiële state van albei hierdie organisasies sal in die Parlement ter tafel gelê hoef te word.

Verklaring oor rentekoersbeleid

Uitgereik deur dr C.L. Stals, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

9 Oktober 1989

Sedert die Reserwebank op 5 Mei 1989 'n styging in sy Bankkoers van 16 tot 17 persent aangekondig het, het betreklik stabiele toestande in sowel die geld- as kapitaalmarkte geheers en het rentekoerse binne betreklik nou marges geskommel.

Die diskonteringskoers vir likwiede bankaksepte van drie maande het, byvoorbeeld, van 16,70 persent aan die einde van April 1989 tot 17,35 persent op 5 Mei 1989 gestyg en het daarna tussen 17,30 en 17,60 persent geskommel. Die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het in Mei 1989 'n hoogtepunt van 17,38 persent bereik en daarna afwaarts beweeg tot 16,86 persent in September. Op 9 Oktober 1989 was die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte 16,85 persent.

Alhoewel dit wil voorkom of nominale rentekoerse in Suid-Afrika hoog is, is hulle inderwaarheid laer as vergelykbare koerse in die meeste van die Westerse nywerheidslande indien die heersende inflasiekoerse in Suid-Afrika en in hierdie lande in aanmerking geneem word. In reële terme, dit wil sê nadat 'n aanpassing vir die inflasiekoers gemaak is, is die prima-oor-trekkingskoers van handelsbanke in Suid-Afrika slegs 3,9 persent vergeleke met 6,3 persent in die Verenigde Koninkryk en 6,6 persent in Wes-Duitsland.

Die toenames wat verlede week in die diskonteringskoerse van 'n aantal sentrale banke in Wes-Europa en in die Verenigde Koninkryk aangekondig is, het die bogemelde marges tussen die Suid-Afrikaanse en buitelandse reële rentekoerse *verbreed*. Dit sal bykomende druk op die kapitaalrekening van Suid-Afrika se betalingsbalans, op die wisselkoers van die rand en uiteindelik ook op die inflasiekoers in Suid-Afrika plaas. In die lig van die betreklik lae vlak van Suid-Afrika se buitelandse reserwes, die bestaande verpligtinge om buitelandse lenings terug te betaal en die betreklik lae goudprys in hierdie stadium kan die land beswaarlik enige verdere druk op sy betalingsbalans bekostig.

Wat die binnelandse ekonomiese toestand betref, bevestig die jongste ekonomiese statistiek dat die ekonomiese afswaai vroeg in 1989 begin het en dat die ekonomie nou tegnies in 'n konsolidasietydperk verkeer. So, byvoorbeeld, het die totale bruto binnelandse besteding wat in 1988 met 7 persent in reële terme en teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 6 persent in die eerste kwartaal van 1989 gestyg het, in die tweede kwartaal van 1989 in werklikheid teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 2 persent *gedaaf*.

Benewens die kommer oor die volgehoue kapitaaluitvloeiing op die betalingsbalans, die betreklik lae goudprys en 'n verdere styging van 17,5 persent in die seisoensaangesuiwerde invoere van die eerste na die tweede kwartaal van 1989, bestaan daar ook 'n aantal

ander redes voortvloeiend uit die binnelandse ekonomiese ontwikkelings wat dit vir Suid-Afrika belangrik maak om nominale rentekoerse op 'n toepaslike hoë vlak te handhaaf:

Eerstens het hersiëne statistiek vir die geldvoorraad aangetoon dat M3, gemeet oor twaalf maande, in Augustus 1989 steeds teen 'n koers van meer as 24 persent gestyg het. Dit is heelwat hoër as die mikpuntgrense van 14 tot 18 persent wat vir 1989 gestel is.

Tweedens bly die inflasiekoers hoog. Die verbruikersprysindeks was in Augustus 1989 15,5 persent bokant die vlak van 'n jaar gelede terwyl die koers van toename in die produksieprysindeks tot 16,1 persent in Augustus versnel het.

Derdens skep toenames in lone en salarisse hoër as die inflasiekoers, meer inflasionistiese druk in die ekonomie en verhoog dit ook die vraag na krediet op grond daarvan dat die vermoë van loon- en salarisverdieners om bykomende skuld te diens, verhoog word. Dit is nodig om hierdie gevolge deur 'n meer beperkende monetêre beleid teen te werk.

Vierdens, hoofsaaklik weens die gebrek aan die invloeiing van buitelandse kapitaal, bly dit vir Suid-Afrikaners belangrik om in hierdie stadium minder op verbruik te bestee en dus meer te spaar. Die land word huidiglik verplig om sy ekonomiese ontwikkeling geheel en al uit eie bronne te finansier.

Teen hierdie agtergrond is dit vir Suid-Afrika selfs meer belangrik as vir die lande in Wes-Europa of vir die Verenigde Koninkryk om die vereiste finansiële dissipline toe te pas en om positiewe reële rentekoerse te handhaaf in sy stryd teen inflasie en die beskerming van die betalingsbalans.

Na die gebruikelike oorlegpleging met die Minister van Finansies het die Reserwebank dus besluit om met ingang van Woensdag, 11 Oktober 1989 sy Bankkoers, dit wil sê die koers waarteen hy skatkiswissels herdiskonteer, van 17 tot 18 persent te verhoog. Ander rentekoerse waarteen die Reserwebank akkommodasie aan die mark voorsien sal ook van 11 Oktober 1989 met 1 persentasiepunt verhoog word, met die uitsondering van koerse vir alle vorms van oornaglenings wat met 1,25 persentasiepunte verhoog sal word. Die koers op oornaglenings met likwiede bankaksepte as onderpand sal byvoorbeeld van 11 Oktober 1989 van 20 persent tot 21,25 persent verhoog word.

Toe die Bankkoers en die ander rentekoerse in Mei 1989 verhoog is, het die Reserwebank bystand aan die Landbank beskikbaar gestel ten einde hom in staat

te stel om sy korttermynrentekoerse onveranderd te hou. Verskillende skemas is ook deur die Regering aangekondig om bystand te verleen aan klein sake-ondernemings en huiseienaars in die laer inkomstegroepe wat nadelig deur die hoër rentekoerse geraak is. Die Regering het aangedui dat die Landbank en

Staatsdepartemente wat vir hierdie bystandskemas verantwoordelik is, die bestaande fasiliteite in die lig van hierdie verdere opwaartse aanpassing in rentekoerse sal heroorweeg. Waar toepaslik sal die verantwoordelike Ministers binnekort verdere aankondigings in hierdie verband doen.

Verklaring insake die tussentydse skuldreëlins met buitelandse krediteure van Suid-Afrika

Uitgereik deur dr C.L. Stals, Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Stilstandskoördinerende Komitee

18 Oktober 1989

Die huidige Tweede Tussentydse Reëlins waarvolgens die aflossing van die geaffekteerde bedrag van Suid-Afrika se buitelandse skuld gehanteer word, loop op 30 Junie 1990 ten einde. Na raming sal die bedrag van buitelandse skuld wat ingeperk is op daardie datum nog ongeveer \$8 miljard beloop, vergeleke met die bedrag van \$14 miljard wat in September 1985 ingevolge die Skuldstilstand geblokkeer is.

Gedurende die afgelope twee maande het lede van die Suid-Afrikaanse Stilstandskoördinerende Komitee omvattende samesprekings met baie van Suid-Afrika se belangrikste buitelandse krediteure gevoer. Die vordering wat die afgelope vier jaar gemaak is om die bedrag van Suid-Afrika se geaffekteerde skuld te verminder, sowel as die funksionering van die Tweede Tussentydse Reëlins, is in oënskou geneem. Suid-Afrika se huidige ekonomiese toestand is ontleed en die vooruitsigte vir die Suid-Afrikaanse betalingsbalans oor die volgende vier jaar is bespreek.

In die lig van dié samesprekings is bepaal dat die Tweede Tussentydse Reëlins wat huidiglik van toepassing is ná Junie 1990 vir 'n verdere tydperk verleng moet word.

Nuwe Derde Tussentydse Reëlins sal dus voorsien word ingevolge prosedures soortgelyk aan dié wat voorheen gevolg is. Die nuwe Reëlins sal op 1 Julie 1990, dit wil sê met die verstryking van die Tweede Tussentydse Reëlins, van krag word. Die belangrikste bepaling van die nuwe Reëlins is die volgende:

- (i) Dit sal oor 'n tydperk van drie jaar en ses maande strek, dit wil sê van 1 Julie 1990 tot 31 Desember 1993.
- (ii) Gedurende hierdie tydperk sal Suid-Afrikaanse debiteure met geaffekteerde skuld toegelaat word om in agt paaiemente 'n bedrag gelykstaande aan 20,5 persent van die verminderende saldo van die geaffekteerde skuld terug te betaal.

Oor die tydperk sal die totale bedrag wat afgelos word ongeveer \$1,5 miljard bedra, dit wil sê meer as die totale terugbetalings waarvoor in die Tweede Tussentydse Reëlins voorsiening gemaak is.

Aflossings sal ingevolge die volgende skedule plaasvind:

	Persent
1990 – Desember	1,5
1991 – Februarie	2,5
– Augustus	3,0
1992 – Februarie	3,0
– Augustus	3,0
1993 – Februarie	3,0
– Augustus	3,0
– Desember	1,5

Die persentasies aangedui vir kapitaal terugbetalings sal op die uitstaande bedrae van alle geaffekteerde skuld op elkeen van die aangetoonde datums toegepas word.

- (iii) 'n Gewysigde voorsiening sal ingesluit word vir die omskakeling van korttermynse binne die net na langtermynlenings buite die net. Eise wat op hierdie wyse omgeskakel word sal oor 'n tydperk van tien jaar as volg terugbetaalbaar wees:

- van 1 Julie 1990 tot 31 Desember 1993, terugbetalings op die verminderende saldo soos vir skuld binne die net;
- van 1 Januarie 1994 tot sewe en 'n halwe jaar ná die oorspronklike datum van omskakeling, geen aflossing; en
- die laaste twee en 'n halwe jaar, die saldo aflosbaar in ses gelyke halfjaarlikse paaiemente.

- (iv) Die huidige voorsiening vir die omskakeling van ingeperkte skuld na finansiële rand vir belegging in aandele, sal in die nuwe Derde Tussentydse Reëlins behou word.

Verdere besonderhede van die nuwe reëlins sal binnekort aan al Suid-Afrika se buitelandse krediteure oorgedra word en die reëlins sal ook op alle buiteland-

se nie-bank krediteure wat 'n deel van die geaffekteerde skuld hou, toegepas word.

Buitelandse skuld van Suid-Afrika wat buite die net van geaffekteerde skuld val sal, soos tans, onaangetas bly – dit wil sê nie aan hierdie reëlins onderhewig wees nie. Na raming beloop sodanige skuld tans ongeveer \$12 miljard.

Geldvoorraadriglyne vir 1990

Verklaring uitgereik deur dr C.L. Stals, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

23 Maart 1990

Die monetêre mikpunte wat op 7 Maart 1989 aangekondig is, het voorsiening gemaak vir 'n toenamekoers in die breë geldvoorraad (M3) van 14 tot 18 persent tussen die vierde kwartaal van 1988 en die vierde kwartaal van 1989. Die werklike toename in die kwartaallikse gemiddelde van M3 oor hierdie tydperk het 23,5 persent bedra, wat die boonste mikpuntperk aansienlik oorskry het. Die belangrikste "oorsaak" van hierdie toename was die vinnige toename van 21,2 persent in die monetêre instellings se kredietverlening aan die private sektor, wat hoofsaaklik vir verskillende doeleindes aan maatskappye en ook aan individue vir die aankope van duursame verbruiksgoedere toegestaan is. Om hierdie kredietverlening aan bande te lê is die Bankkoers gedurende die mikpuntjaar in drie stappe van 14,5 tot 18 persent verhoog. Alhoewel die koers van kredietverlening nog steeds onaanneemlik hoog bly is dit aan die afneem, wat die invloed van die hoër rentekoerse en 'n laer vlak van ekonomiese bedrywigheid weerspieël.

Die verhogings in die Bankkoers is deur ooreenstemmende verhogings in die prima-oortrekkingskoerse van die banke gevolg. Intense mededinging tussen finansiële instellings, en 'n betreklik gevoelige reaksie van depositokoerse ingevolge strammer monetêre toestande, het tot 'n vernouing in die verskil tussen hierdie instellings se gemiddelde uitleen- en depositokoerse gelei. Hierdie veranderinge het met 'n hernieu-de proses van herintermediasie gepaard gegaan wat tot die hoë groeikoers van die geldvoorraad bygedra het. Dit is deur 'n toename in die publiek se egte likwiditeitsvoorkeur versterk, wat met die aantreklikheid van depositobeleggings teen hoër rentekoerse en onsekerheid aangaande ander finansiële beleggings verband gehou het. Die herintermediasie en die hoër vlak van die likwiditeitsvoorkeur het in 'n aansienlike verdere afname in die inkomste-omloopsnelheid van M3 tot uiting gekom. As dit nie vir die toename in die

likwiditeitsvoorkeur van die besitters van kontant-saldo's was nie, sou die inflasionistiese uitwerking van die toenames in M3 baie ernstiger gewees het. Die private sektor se hoër besit aan geld hou nietemin die gevaar in dat dit die totale monetêre vraag na reële goedere en dienste kan laat toeneem sodra die huidige voorkeur vir likwiede bates sou verswak as gevolg van 'n moontlike daling in nominale rentekoerse relatief tot die huidige inflasieverwagtings.

Met die oog op die bogenoemde omstandighede en die volgehoue hoë inflasiekoers, die voortgesette verpligte terugbetalings op buitelandse skuld en die betreklik lae vlak van die goud- en ander buitelandse reserwes, moet die monetêre beleid beperkend bly. Die Reserwebank het derhalwe, na die gebruikelike oorlegpleging met die Minister van Finansies, nuwe "riglyne" van 11 tot 15 persent gestel vir die koers van toename in M3 tussen die vierde kwartaal van 1989 en die vierde kwartaal van 1990. Hierdie mikpunte verteenwoordig 'n spektrum van toename in die geldvoorraad gedurende 1990 wat met die Bank se doelwitte vir sy monetêre beleid ooreenstem.

Die riglyne behoort nie beskou te word as Reserwebankvoorspellings vir die werklike veranderinge in M3 gedurende 1990 nie. Die doel daarmee is eerder om aan die publiek en aan die Regering oor te dra watter strekwydte van die moontlike veranderinge in M3 deur die Reserwebank onder die huidige omstandighede, en in die lig van die Bank se doelstelling om die waarde van die geldeenheid te stabiliseer, as gepas beskou word. Afwykings van so 'n gepubliseerde riglyn verskaf derhalwe 'n nuttige maatstaf wat saam met ander belangrike oorwegings die besluite van die Reserwebank by sy toepassing van monetêre beleid beïnvloed.

Die verlaging van die mikpuntgrense met drie persentasiepunte dui die vasbeslotenheid van die monetêre owerhede aan om deur middel van 'n vermindering van die groeikoers van die geldvoorraad 'n bydrae tot

die bekamping van inflasie te maak. Die verlaagde riglyne word geag om versoenbaar te wees met 'n vooruitskating vir groei in die reële bruto binnelandse produk in 1990 van tot 1 persent, 'n oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans van minstens R6 miljard, en 'n geleidelike styging in die amptelike goud- en ander buitelandse reserwes. Terselfdertyd weerspieël die verlaging van die grense aan die riglyne die owerhede se siening dat 'n aantal faktore tans reeds in posisie is – met name die verbeterde stand van sowel die lopende rekening as die kapitaalrekening van die betalingsbalans soos dit in 'n sterker wisselkoers van die rand weerspieël word, matigheid in die fiskale optrede en die kumulatiewe uitwerking van twee jaar van betreklik beperkende monetêre beleid – wat heelwaarskynlik die uitwerking sal hê om inflasie gedurende 1990 te verminder.

Die nastrewing van mikpunte van 11 tot 15 persent vir die toename in M3 in 1990 het belangrike gevolge vir die verlening van krediet aan die private sektor deur alle monetêre instellings. Met inagneming van die verwagte verandering in die land se netto goud- en ander buitelandse reserwes en in die staatsfinansies, beperk dit die toelaatbare groeiakoers in die totale bedrag aan bankkrediet wat aan die private sektor verleen kan word tot gemiddeld slegs ongeveer 1 persent per maand. Die Reserwebank herhaal derhalwe die versoek wat hy in Maart 1989 aan elke bankinstelling gerig het, naamlik om te verseker dat die maandelikse styging in die krediet wat elke bank aan die private sektor verleen, gemiddeld nie hierdie perk van 1 persent sal oorskry nie. Gedurende die afgelope jaar het nie veel banke aan hierdie versoek voldoen nie en samesprekings sal binnekort met verteenwoordigers van die banke gevoer word om middele en maniere te ondersoek om hierdie versoek meer effektief te maak.

Die Bank sal voortgaan om hierdie riglyne met plooibaarheid en met 'n "lae profiel" toe te pas. By die besluitneming oor sy beleidsingesteldheid sal die Reserwebank nie slegs aandag aan die verloop van M3 gee nie, maar ook aan die ontwikkelings in ander veranderlikes. In die besonder sal veranderinge in ander monetêre en krediettotale, die wisselkoers, die nominale en reële bruto binnelandse besteding en produk, pryse en ander algemene ekonomiese aanwysers sorgvuldig onder oë gehou word.

Die laer riglyne vir die groei van M3 in 1990 vorm 'n deel van 'n meer omvattende, gekoördineerde ekonomiese strategie op die middeltermyn waarby konvensionele monetêre en fiskale maatreëls sowel as nywerheidsbeleid en ander vorms van struktuurbeleid betrokke is. Een van die hoofdoelstellings van hierdie middeltermynstrategie is om die inflasiekoers te verminder ten einde die groeipotensiaal van die land te verhoog. Dit behels onder andere dat positiewe reële rentekoerse gehandhaaf moet word. Dit beteken egter klaarblyklik nie dat nominale rentekoerse nie sal verander nie; dit is goed moontlik dat die rentekoerse

bewegings ooreenkomstig veranderinge in die inflasiekoers sal toon. Om deurlopende afwaartse druk op die inflasiekoers te verseker, sal 'n verdere verlaging van die riglyne moontlik in 1991 aangebring moet word.

Opmerkings oor tabelle

Monetêre ontleding – Tabel S-28

Die formaat waarin die monetêre ontleding verskyn, word vanaf hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad* gewysig. As gevolg van samesmeltings en oornames waarby banke en bouverenigings in die jongste tyd betrokke was, asook die vervaging in die skeidslyne wat daar voorheen tussen die sake van die verskillende klasse monetêre instellings bestaan het, is die onderskeid tussen bankinstellings en ander monetêre instellings by die berekening van die statistiese teenhangers van M3 nie meer sinvol nie. Die ontleding wat voortaan gepubliseer sal word, het derhalwe betrekking op die gekonsolideerde bates en laste van alle monetêre instellings (bankinstellings, bouverenigings en die Postspaarbank) sonder 'n verdere onderverdeling. Die tabel is ook uitgebrei om die saldo's onderliggend aan die ontleding, voor en na seisoensaansuiwering, op 'n maandgrondslag aan te toon.

Effektiewe wisselkoers – Tabel S-81

Hersiene inligting oor die nominale effektiewe wisselkoers van die rand word in tabel S-81 van hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad* gepubliseer. Die nuwe tydreeks is gebaseer op veranderinge in die wisselkoerse van die geldeenheide van slegs ses van Suid-Afrika se belangrikste handelsvennootlande, in plaas van die vier en twintig geldeenheide wat voorheen gebruik is. Hierdie verandering is gemaak om verwringings uit te skakel wat veroorsaak is deur die aansienlike afwykings vanaf die basissyfers wat van tyd tot tyd by enkele van die minder belangrike geldeenheide voorgekom het. Die basis wat in die berekenings gebruik word, is ook verander van 24 Januarie 1979 na die gemiddelde vir die kalenderjaar 1979.

Hierbenewens is 'n nuwe kolom by die tabel ingevoeg wat gegewens voorsien oor die *reële* effektiewe wisselkoers van die rand, dit wil sê die nominale effektiewe koers nadat dit aangepas is vir inflasiever-skilte soos gebaseer op die Suid-Afrikaanse produk-sieprysindeks en op soortgelyke indekse ten opsigte van die ander lande wat by die berekening van die indeks ingesluit is.